# Die funksies van die Meester in die geval van gebrekkige testamente

**C Lourens**

**orcid.org/0000-0001-7481-6297**

Mini-skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die graad *Magister Legum in Boedelreg* aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof HJ Kloppers

Medestudieleier: Dr A Gildenhuys

Gradeplegtigheid: Mei 2021

Studente nommer: 24228958

**Inhoudsopgawe**

**Lys van afkortings** ........ iv

**Opsomming** ........ v

**1 Inleiding** ........ 1

***1.1 Probleemstelling*** ........ 1

***1.2 Navorsingsvraag*** ........ 5

***1.3 Navorsingsmetodologie en gevallestudies*** ........ 5

***1.4 Oorsig oor hoofstukke*** ........ 6

**2 Die amp van Meester van die Hoë Hof** ........ 8

***2.1 Aanstelling van die Meester*** ........ 8

***2.2 Die Meester se funksies en uitvoering daarvan*** ........ 10

***2.3 Uitbreiding van die Meester se funksies*** ........ 14

***2.4 Samevatting*** ........ 16

**3 Formaliteitsvereistes en die kondonering van 'n formeel gebrekkige testament** ........ 17

***3.1 Formaliteitsvereistes vir die verlyding van 'n formele geldige testament*** ........ 17

*3.1.1 Ondertekening van die testament deur die testateur* ........ 18

*3.1.2 Ondertekening van die testament deur getuies* ........ 20

*3.1.3 Ondertekening van die testament wat uit meer as een bladsy bestaan* ........ 21

*3.1.4 Ondertekening van die testament in uitsonderlike gevalle* ........ 21

*3.1.5 Regspraak oor die toepassing van artikel 2(1)(a) van die Wet op Testamente* ........ 23

*3.1.6 Samevatting rakende die formaliteitsvereistes vir die verlyding van 'n testament......25*

***3.2 Formaliteitsvereistes by die wysiging van testamente........25***

*3.2.1 Inleiding ......25*

*3.2.2 Bespreking van die formaliteitsvereistes by die wysiging van testamente......25*

*3.2.3 Samevatting rakende die formaliteitsvereistes by die wysiging van testamente......27*

***3.3 Artikel 2(3) van die Wet op Testamente ......27***

*3.3.1 Inleiding rakende die kondonasiebevoegdheid......27*

*3.3.2 Regspraak wat die probleme rakende artikel 2(3) illustreer ......29*

*3.3.3 Samevatting van artikel 2(3) en verbandhoudende regspraak.........33*

***3.4 Slotopmerkings......34***

**4 'n Nuwe benadering tot artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*......35**

***4.1 Die toepassing van die kondonasiebevoegdheid deur die Meester ......35***

*4.1.1 Inleiding ......35*

*4.1.2 Artikel 2A van die Boedelwet......35*

*4.1.3 Samevatting......38*

***4.2 Voorgestelde metode van toepassing op die kondonasie-bevoegdheid deur die Meester ......39***

*4.2.1 Inleiding ......39*

*4.2.2 Die Wet op Belastingadministrasie ......40*

4.2.2.1 Beswaar- en appèlprosedures....................................................42

4.2.2.2 Toetssake ........................................................................43

4.2.2.3 Die belastingraad.................................................................44

***4.3 Voorgestelde proses vir die uitoefening van die kondonasiebevoegdheid deur die Meester...........................45***

*4.3.1 Aanvanklike aansoek om kondonasie ...........................................47*

*4.3.2 Beswaar teen die uitkoms van die aanvanklike aansoek om kondonasie .........................................................................48*

*4.3.3 Appèlprosedures na die uitkoms op die beswaar teen aanvanklike aansoek om kondonasie ...........................................49*

*4.3.4 Toetssake in die kondonasieproses...............................................51*

*4.3.5 Die besluit om te kondoneer, al dan nie .......................................55*

***4.4 Die voorskrifte soos uitgereik deur die Hoofmeester ..........58***

***4.5 'n Ombud vir die Meester....................................................59***

***4.6 Hoofstuksamevatting .........................................................63***

**5 Gevolgtrekking ...................................................................64**

**BIBLIOGRAFIE ..........................................................................67**

## Lys van afkortings

| | |
|---|---|
| PER | *Potchefstroomse Elektroniese Regsblad* |
| SA Merc LJ | *South African Mercantile Law Journal* |
| SAID | *Suid Afrikaanse Inkomstediens* |
| SAR | *Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie* |
| TSAR | *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* |
| THRHR | *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* |

**Opsomming**

Die Meester van die Hoë Hof word ingevolge artikel 2 van die *Boedelwet* deur die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling aangestel. Die Meester het 'n verskeidenheid funksies wat uitgevoer moet word en die wye verskeidenheid magte, pligte en verantwoordelikhede van die Meester word in die *Boedelwet* voorgeskryf. Een van die vernaamste funksies van die Meester is om oor die beredderingvan bestorwe boedels toesig te hou. Wanneer 'n persoon testaat tot sterwe kom, sal die Meester die dokument, wat bedoel is om as testament te dien, ondersoek en bepaal of die dokument op die oog af aan die formaliteitsvereistes wat in artikel 2(1) van die *Wet op Testamente* gestel word, voldoen. Wanneer die dokument nie aan al die formaliteitsvereistes voldoen nie, is die dokument formeel ongeldig en sal die Meester dit diensooreenkomstig verwerp.

In reaksie hierop is artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* bygevoeg, welke artikel 'n kondonasiebevoegdheid aan die Hoë Hof verleen in gevalle waar 'n dokument nie aan al die formaliteitsvereistes voldoen nie. Dit beteken dat die betrokke dokument, deur middel van 'n aansoek, vir kondonering na die Hoë Hof verwys kan word. Die Meester het tans geen bevoegdheid om 'n gebrekkige dokument te kondoneer nie. Die beredderingsproses word vertraag indien die gebrekkige dokument eers na die hof vir kondonering moet gaan. Daarom is ondersoek ingestel, tot watter mate die funksies van die Meester uitgebrei kan word om ook die kondonering van gebrekkige testamente in terme van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* in te sluit.

Die uitbreiding van die kondonasiebevoegdheid na die Meester sal beteken dat die werkslading in die Meesterskantoor verhoog. 'n Belangrike aspek wat in reaksie op die swaarder werkslading ondersoek word, is artikel 2A van die *Boedelwet*. In hierdie artikel word die Minister gemagtig om addisionele dienspunte aan te wys om die Meesterskantoor by te staan in die uitvoer van sekere pligte. Die bewoording in subartikel 2A(3) kan op so 'n manier geïnterpreteer word, om aan die Minister die bevoegdheid te verleen om addisionele poste te skep wat spesifiek voorsiening sal maak vir die uitbreiding van die Meester se funksies met betrekking tot die kondonasiebevoegdheid.

Verder word ondersoek hoe die kondonasiebevoegdheid van die Meester prakties toegepas sal word. Die uitvoering van die kondonasiebevoegdheid deur die Meester word daarom vergelyk met die prosedure, soos uiteengesit in die *Wet op Belastingadministrasie*, in hoofstuk 9. Hierdie voorgestelde prosedure maak voorsiening vir 'n kondonasie proses wat meer effektief is en hou 'n groot voordeel in vir verbetering op die gebied van boedelbereddering.

*The Master of the High Court is appointed in terms of section 2 of the Administration of Estates Act by the Minister of Justice and Constitutional Development. The Master has a variety of functions, duties and responsibilities prescribed in the Administration of Estates Act. One of the main functions of the Master is to oversee the administration of deceased estates. When a person dies testate, the Master will inspect the document, which was intended to serve as a will, and determine if the document adheres to the formalities as set out in section 2(1) of the Wills Act. When the document does not adhere to the formalities, the document is declared formally invalid and will be rejected by the Master.*

*In reaction thereto section 2(3) of the Wills Act was added, which granted the High Court a condonation power in cases where the document does not adhere to all the formalities. This means that the document can be referred to the High Curt for condonation, by means of an application. The Master currently has no power to condone a formally defective document. The proses of administration of the deceased estate is postponed every time the document has to be referred to the court for condonation. Therefore, it is investigated to what extend the duties of the Master can be extended to also include the power to condone formally defective wills in terms of section 2(3) of the Wills Act.*

*The extension of the condonation power to the Master involves a higher workload in the Master's office. An important aspect that should be investigated in reaction hereto, is section 2A of the Administration of Estates Act. This section grants the Minister the power to allocate additional service points in order to assist the Master with certain of his duties. The wording in subsection 2A(3) can be interpreted in such a way that*

*provision can specifically made for additional service points and posts to assist the Master with responsibilities relating the condonation of formally defective wills.*

*It is also further investigated how the Master will practically execute the condonation power. In addressing this aspect the way the Master can execute the condonation power is compared to a similar process as described in the Tax Administration Act in chapter 9. This proposed process makes provision for a condonation process that is more effective and  has more advantages in the area of administration of deceased estates as a whole.*

# 1 Inleiding

## *1.1 Probleemstelling*

Die Meester van die Hoë Hof (hierna die Meester) word ingevolge artikel 2 van die *Boedelwet*[1] deur die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling[2] aangestel. Die Meester het 'n verskeidenheid funksies wat uitgevoer moet word en die wye verskeidenheid magte, pligte en verantwoordelikhede van die Meester word in die *Boedelwet* voorgeskryf.[3] Alhoewel die Meester sekere van sy funksies op diskresie kan uitoefen, is hy steeds aan die bepalings en voorskrifte van die *Boedelwet* gebonde.[4] Daar word van die Meester verwag om sy funksies redelik, regverdig en in ooreenstemming met die reg uit te oefen.[5]

Een van die vernaamste funksies van die Meester is om oor die beredderingvan bestorwe boedels toesig te hou.[6] Wanneer 'n persoon testaat tot sterwe kom, sal die Meester die dokument, wat bedoel is om as testament te dien,[7] ondersoek en bepaal of die dokument op die oog af aan die formaliteitsvereistes wat in artikel 2(1) van die

1 66 van 1965 (hierna die *Boedelwet*).

2 Hierna die Minister.

3 Die Meester se vernaamste funksie, naamlik om oor die beredderingsproses toesig te hou, word geformuleer in hoofstuk 2 van die *Boedelwet*. Dit sluit onder andere in om 'n eksekuteursbrief uit te reik, soos geformuleer in artikel 13 van die *Boedelwet*, om ingevolge artikel 35 van die *Boedelwet* die likwidasie-en distribusierekening, soos ingedien deur die eksekuteur, na te gaan en selfs wanneer nodig, soos gemagtig deur artikel 54 van die *Boedelwet*, die eksekuteur uit sy amp te verwyder. 'n Tipiese probleem wat mag voorkom wanneer die Meester sy funksie in terme van artikel 35 van die *Boedelwet* uitvoer, sal later in afdeling 2.2 aan die hand van *Kamuhanga v Master of the High Court* bespreek word. Soos gesien in hoofstuk 4 van die *Boedelwet* is die Meester ook in beheer van die administrasie van die voogdyfonds. Artikel 72 van die *Boedelwet* magtig die Meester om, onder andere, 'n voogdybrief, soos wat die omstandighede dit vereis, uit te reik. Die Meester is ook gemagtig om ooreenkomstig artikel 73 van die *Boedelwet* voogde aan te beveel. Die Meester word ook ooreenkomstig artikel 103 van die *Boedelwet* gemagtig om enige regulasies uit te reik oor enige aspek of aangeleentheid soos wat hy nodig ag. Hierdie aspek sal later in hoofstuk 4 bespreek word. Funksies van die Meester kan ook uitgebrei of geformuleer word in ander wetgewing, soos gesien in die *Wet op Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988 wat die Meester se funksies met betrekking tot die administrasie van trusts uiteensit. Verdere uitbreiding van die Meester se funksies kan ook in ander wetgewing gesien word, byvoorbeeld in die *Boedelbelastingwet* 45 van 1965 wat die Meester se verantwoordelikhede tydens die assessering van boedelbelasting uiteensit.

4 *Kamuhanga v Master of the High Court* 2016 1 NR 141 (SC) par 14 (hierna die *Kamuhanga*-saak).

5 Die *Kamuhanga*-saak par 33.

6 Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2011 http://www.justice.gov.za/master/index.html.

7 Vir doeleindes van hierdie studie is, tensy anders aangedui, 'n verwysing na "die dokument" of "'n dokument" 'n verwysing na 'n dokument wat opgestel is met die doel dat dit as 'n persoon se testament moes dien.

*Wet op Testamente*[8] gestel word, voldoen. Indien die dokument deur die Meester as formeel geldige testament aanvaar word, moet die boedel ingevolge die bepalings van die testament vererf.[9] Wanneer die dokument egter nie aan al die formaliteitsvereistes voldoen nie, is die dokument formeel ongeldig en sal die Meester dit diensooreenkomstig verwerp.[10]

Die formaliteitsvereistes wat deur die *Wet op Testamente* voorgeskryf word, het tot verskeie uitdagings in die bereddering van bestorwe boedels aanleiding gegee. Hierdie uitdagings kom voor in gevalle waar 'n dokument formeel ongeldig of gebrekkig is. Wanneer die Meester so 'n dokument weens gebrek aan formele geldigheid verwerp, sal die boedel ingevolge die *Wet op Intestate Erfopvolging* intestaat moet vererf.[11]

In reaksie hierop is artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* bygevoeg,[12] welke artikel 'n kondonasiebevoegdheid aan die Hoë Hof verleen in gevalle waar 'n dokument nie aan al die formaliteitsvereistes voldoen nie. Dit beteken dat die betrokke dokument, deur middel van 'n aansoek, vir kondonering na die Hoë Hof verwys kan word. Corbett, Hofmeyr en Kahn[13] meen dat die wysigings aan die *Wet op Testamente*, ten einde voorsiening vir 'n kondonasiebevoegdheid te maak, 'n positiewe bydrae tot die reg gelewer het in gevalle waar die bedoeling van die testateur[14] duidelik is, maar waar voldoening aan die formaliteitsvereistes ontbreek.

In *Back v The Master*[15] asook *MacDonald v The Master*[16] het die testateurs reeds hul bedoelde testamente opgestel, maar hulle is oorlede voor die dokumente onderteken

8 7 van 1953 (hierna die *Wet op Testamente*).
9 Jamneck ea *Erfreg* 45.
10 Artikel 8(4) van die *Boedelwet*.
11 81 van 1987 (hierna die *Wet op Intestate Erfopvolging*).
12 Artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* is bygevoeg by artikel 3(g) van Wet 43 van 1992.
13 Corbett, Hofmeyr en Kahn *The Law of Succession in South Africa* 58.
14 Die *Wet op Testamente* gebruik die woord "erflater" om die persoon wat 'n testament opgestel het (ongeag of die testament geldig is of nie) te beskryf. Verskeie akademiese bronne verwys egter na die woord "testateur". Outeurs Abrie ea *Bestorwe Boedels* 50 is van mening dat die woord "testateur" gebruik word as daar verwys word na 'n persoon wat 'n testament opgestel het en dat daar dan, na hierdie persoon se dood, na hom/haar as die "erflater" verwys word. Vir doeleindes van hierdie skripsie sal die woord "testateur" gebruik word, tensy direkte aanhalings uit die *Wet op Testamente* gebruik word. Die woord testateur verwys gevolglik ook na die vroulike vorm "testatrise".
15 *Back v The Master* 1996 2 All SA 161 (K) (hierna die *Back*-saak).
16 *MacDonald v The Master* 2002 5 SA 64 (O) (hierna die *MacDonald* saak).

kon word. In die saak *Van der Merwe v The Master*[17] is Van der Merwe se bedoelde testament in 'n e-pos geformuleer, maar die testateur is oorlede voordat die dokument verder verly kon word. Hierdie sake lig tipiese probleme uit wat verband hou met dokumente wat ooreenkomstig artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* gekondoneer kan word.

Die Meester het tans geen bevoegdheid om 'n gebrekkige dokument te kondoneer nie.[18] Die beredderingsproses word vertraag indien die gebrekkige dokument eers na die hof vir kondonering moet gaan. Wanneer daar by die hof vir kondonering van 'n gebrekkige dokument aansoek gedoen word, dra dit ook by tot oorvol hofrolle en lei dit tot onnodige kost- implikasies. Die vraag wat gevolglik ondersoek word, is tot watter mate die funksies van die Meester uitgebrei kan word om ook die kondonering van gebrekkige testamente in terme van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* in te sluit.

Schoeman-Malan ea[19] erken dat sekere probleme met die interpretasie van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* steeds voorkom, maar voer aan dat die aanvaarbare riglyne wat reeds deur die howe gevestig is, streng gevolg moet word. Hierdie aanvaarbare riglyne moet gebruik word as vertrekpunt wanneer voorgestelde nuwe wetgewing geformuleer word of huidige wetgewing gewysig word om voorsiening te maak vir die moontlike uitbreiding van die Meester se funksies.

Wanneer ondersoek word of die Meester die kondonasiebevoegdheid kan ontvang, is dit belangrik om die gevolge en die impak van so 'n uitbreiding tot die Meester se regsbevoegdheid, te ontleed. Die uitbreiding van die kondonasiebevoegdheid na die Meester sal beteken dat die werkslading in die Meesterskantoor verhoog. 'n Belangrike aspek wat in reaksie op die swaarder werkslading ondersoek kan word, is artikel 2A van die *Boedelwet*. Die artikel lees soos volg:

> Die Minister kan poste op of bykomend tot die vaste diensstaat van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling aanwys ...[20]

17 *Van der Merwe v The Master* 2010 6 SA 544 (HHA) (hierna die *Van der Merwe*-saak).
18 'n Volledige verduideliking van hierdie aspek word later in afdeling 2.3 verstrek.
19 Schoeman-Malan ea "Section 2(3) of the *Wills Act* 7 of 1953: a retrospective and critical appraisal of some unresolved issues" 95.
20 Artikel 2A(1) van die *Boedelwet.*

Die doel van hierdie addisionele dienspunte is om die Meester in die uitvoering van sy funksies by te staan. Alle gedelegeerde funksies vind onder die Meester se beheer, leiding en toesig plaas.[21]

Verder moet ondersoek word hoe die kondonasiebevoegdheid van die Meester prakties toegepas sal word. Wanneer die praktiese werking van die kondonasiebevoegdheid van die Meester ondersoek word, is dit belangrik om na soortgelyke probleme en oplossings daarvoor in ander regsvelde te kyk. Een so 'n voorbeeld is in die veld van die belastingreg. In hierdie navorsing sal die wyse waarop die Kommissaris van die Suid Afrikaanse Inkomstediens sy funksies uitvoer, bestudeer word ten einde vas te stel of die Meester sy funksies op 'n soortgelyke wyse kan verrig.

As gevolg van die verskeie funksies wat die Meester moet verrig, wat die bereddering van bestorwe boedels insluit, en tesame met oorvol hofrolle moet ondersoek ingestel word na 'n oplossing vir die kondonering van gebrekkige dokumente wat meer prakties en minder tydsaam is, asook 'n proses wat meer koste-effektief sal wees. 'n Meer effektiewe proses vir die kondonering van gebrekkige dokumente sal lei tot die spoedige afhandeling van die beredderingsproses. Advokaat Basson (voormalige Hoofmeester) het die belangrikheid van 'n effektiewe stelsel as volg beklemtoon:

> The Master's Office is an important institution for the sensible administration of estates in that we mean fast and efficient management of people's inheritances.[22]

Deur die probleme wat verband hou met die kondonering van gebrekkige dokumente in ag te neem, is dit belangrik om opnuut na die funksies van die Meester te kyk. 'n Ondersoek na die moontlike uitbreiding van die Meester se funksies om in die lig van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* voorsiening te maak vir die kondonasiebevoegdheid is gevolglik belangrik, aangesien dit daartoe kan bydra om die bereddering van bestorwe boedels in Suid-Afrika te verbeter.

21 Artikel 2A(2) van die *Boedelwet.*

22 Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2011 http://www.justice.gov.za/docs/articles/201109-moh-icms.html.

## *1.2 Navorsingsvraag*

Aan die hand van die bogenoemde probleemstelling is die primêre navorsingsvraag die volgende: Tot watter mate kan die funksies van die Meester van die Hoë Hof uitgebrei word om ook die kondonering van gebrekkige testamente ooreenkomstig artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* in te sluit?

Ten einde die primêre navorsingsvraag suksesvol te kan beantwoord, moet die volgende sekondêre navorsingsvrae ook beantwoord word:

A- Wat is die oorsprong, aard en omvang van die Meester se funksies, met spesifieke verwysing na die Meester se verantwoordelikheid by die bereddering van bestorwe boedels, waar formele gebrekkige testamente betrokke is?

B- Wat is die formaliteitsvereistes waaraan 'n testament moet voldoen wanneer dit oorspronklik opgestel word, asook nadat wysigings daaraan aangebring is, voordat dit as 'n formele geldige testament sal aanvaar word?

C- Wat behels artikel 2(3)van die *Wet op Testamente*?

D- Wat behels artikel 2A van die *Boedelwet* en watter impak kan hierdie artikel op die moontlike uitbreiding van die Meester se funksies hê?

E- Watter vergelykings kan getref word tussen die manier waarop die Kommissaris van die Suid Afrikaanse Inkomstediens sy pligte ooreenkomstig die *Wet op Belastingadministrasie*[23] uitvoer en die manier waarop die Meester moontlik die kondonasiebevoegdheid kan uitvoer?

## *1.3 Navorsingsmetodologie en gevallestudies*

Die navorsing is gedoen deur die raadpleging van verskeie akademiese bronne wat literatuur, regspraak, wetgewing en elektroniese bronne insluit. Hierdie navorsingsmetode dra by tot die beantwoording van die navorsingsvraag deur probleme, wat reeds in die verlede begin ontwikkel het en steeds vandag 'n probleem is, te bestudeer. Na aanleiding van die navorsing en ontleding van verskeie bronne sal

---

23 *Wet op Belastingadministrasie* 28 van 2011 (hierna die *Wet op Belastingadministrasie*).

'n voorstel gemaak word vir 'n meer effektiewe proses vir die kondonering van gebrekkige testamente met spesifieke verwysing na die Meester se betrokkenheid tydens hierdie proses.

In die beantwoording van die navorsingsvraag sal van verskeie gevallestudies gebruik gemaak word om tipiese probleme, wat met die kondonering van gebrekkige testamente verband hou, uit te lig. Deur gebruik te maak van die volgende gevallestudies sal gevolglik bepaal word in welke gevalle die Meester gebrekkige testamente sal kan kondoneer:

Gevallestudie 1 – A stel 'n testament op en stoor die dokument op sy rekenaar. A sterf egter voordat hy die kans kon kry om die dokument te onderteken.

Gevallestudie 2 – A en B is goeie vriende. A, in 'n gesprek met B, sê vir B dat indien hy die dag sou sterf, hy al sy besittings aan B bemaak. Jare later sterf A en B dring daarop aan dat hy, weens hul mondelinge gesprek, die enigste erfgenaam in A se boedel is.

Gevallestudie 3 – A bel sy prokureur om vir hom opdrag te gee om 'n testament namens hom op te stel. Die prokureur neem telefonies instruksies en stel 'n testament op, maar voordat A die dokument kon onderteken, is A oorlede.

Gevallestudie 4 – A begin om sy testament op sy rekenaar op te stel, maar word onderbreek deur 'n kragonderbreking. A se rekenaar het alles wat hy voor die kragonderbreking getik het, gestoor. A is oorlede voordat hy die res van sy testament kon opstel.

### *1.4 Oorsig oor hoofstukke*

Hoofstuk 2

In hierdie hoofstuk sal breedvoerig na die oorsprong van die Meester se verskeidenheid magte en funksies verwys word. Verder sal die saamstelling van die gesagstruktuur of hiërargie in die Meesterskantoor, asook die aanstelling van die Meester en ander bevoegde persone wat werksaam is in die Meesterskantoor, bestudeer word. Die funksies, asook die wyse waarop die Meester sy funksies moet verrig, word ontleed.

In hierdie hoofstuk sal die kernprobleem met betrekking tot die Meester se gebrek aan sekere funksies, met spesifieke verwysing na die kondonering van gebrekkige dokumente, uitgelig word.

Hoofstuk 3

Die formaliteitsvereistes waaraan 'n testament moet voldoen voordat dit as formeel geldig aanvaar sal word, sal in hoofstuk 3 aandag geniet. Gevolglik word bevestig wat die formaliteitsvereistes is waaraan wysigings van testamente moet voldoen, om te verseker dat die testament na wysigings steeds formeel geldig sal wees. Die kondonasiebevoegdheid ooreenkomstig artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* word verder deeglik bestudeer.

Hoofstuk 4

In hierdie hoofstuk sal bepaal word of die Meester se funksies uitgebrei kan word om ook voorsiening te maak vir die kondonasiebevoegdheid. Artikel 2A van die *Boedelwet* word in hierdie opsig bestudeer. Verder word bepaal of vergelykings getref kan word tussen die Meester, en die manier waarop soortgelyke probleme (wat in beginsel met die kondonasiebevoegdheid vergelyk kan word), in ander velde van die reg opgelos word.

Hoofstuk 5

'n Oorsig sal verskaf word van die navorsingsvraag wat ondersoek is. Daarna sal 'n samevatting gebied word oor die voorgestelde manier waarop die probleem wat ondersoek is, opgelos kan word. Die afleidings wat uit die bronne wat ondersoek is, gemaak is, sal saamgevat word. Aanbevelings word gemaak ter beantwoording van die vraag of die Meester se funksies uitgebrei kan word om ook vir die kondonasiebevoegdheid voorsiening te maak.

## 2 Die amp van Meester van die Hoë Hof

Verskeie rolspelers, insluitende die Meester, is by die beredderinq van 'n bestorwe boedel betrokke.[24] Gevolglik moet die huidige aard en omvang van die Meester se verantwoordelikhede verstaan word ten einde vas te stel of hierdie verantwoordelikhede uitgebrei kan word. Eers daarna sal bepaal kan word tot watter mate kan die funksies van die Meester uitgebrei word om ook die kondonering van gebrekkige testamente ooreenkomstig artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* in te sluit. Die sekondêre navorsingsvraag wat in hierdie hoofstuk beantwoord moet word, is: Wat is die oorsprong, aard en omvang van die Meester se funksies met spesifieke verwysing na die Meester se verantwoordelikheid by die beredderinq van bestorwe boedels, waar formele gebrekkige testamente betrokke is? Aan die hand hiervan word die volgende hoofaspekte in hierdie hoofstuk van nader beskou.

### *2.1 Aanstelling van die Meester*

Die Meester word ooreenkomstig vereistes soos geformuleer in die *Boedelwet* aangestel. Artikel 2 van die *Boedelwet* word as uitgangspunt gebruik wanneer bepaal word watter prosedure gevolg moet word wanneer die Meester aangestel word asook wie as Meester aangestel kan word.[25] Artikel 2(1) bepaal:

> 2(1)(a) Behoudens subartikel (2) en die wette op staatsdiens-
> (i) stel die Minister 'n Hoofmeester van die Hoë Howe aan;
> (ii) stel die Minister, ten opsigte van die regsgebied van iedere Hoë Hof, 'n Meester van die Hoë Hof aan ...[26]

Die bogenoemde subartikels maak dit duidelik dat 'n Meester in elke regsgebied in Suid-Afrika aangestel word, maar dat hierdie persone aan die Hoofmeester ondergeskik is. Artikel 2(1)(b) van die *Boedelwet* sit ook die beperkinge, verpligtinge en magte van die Hoofmeester uiteen en bepaal:

> 2(1)(b) Die Hoofmeester-
> (i) is onderhewig aan die beheer, leiding en toesig van die Minister;
> (ii) is die uitvoerende beampte van die Meesterskantore; en

24 Jamneck ea *Erfreg* 286. Sien ook Wiechers en Vorster *Boedelberedderinq* 3 en Abrie ea *Bestorwe Boedels* 83. Die eksekuteur speel ook 'n belangrike rol en Abrie ea *Bestorwe Boedels* 90 skryf dat die eksekuteur sentraal tot die beredderingsproses is.

25 Artikel 2 van die *Boedelwet*.

26 Artikel 2(1)(a)(i) en (ii) van die *Boedelwet*.

(iii) oefen beheer uit oor, gee leiding aan en hou toesig oor al die Meesters.[27]

Verder bemagtig artikel 2 ook die Minister om een persoon vir meer as een regsgebied as Meester aan te stel.[28] So 'n persoon vervul dus die amp van Meester in meerdere Meesterskantore.

Artikel 2 (1)(a)(iii) van die *Boedelwet* is op so 'n wyse geformuleer om ook voorsiening te maak vir die aanstelling van een of meer Adjunkmeesters, asook een of meer Assistentmeesters.[29] Die Adjunkmeesters en Assistentmeesters oefen hul bevoegdhede onder die beheer, leiding en toesig van die Meester van daardie regsgebied uit, en is ook in staat daartoe om dieselfde bevoegdhede of funksies, soos verrig deur die Meester, te kan verrig.[30] Wiechers en Vorster[31] meen dat daar na hierdie Adjunkmeesters en Assistentmeesters as administratiewe personeel verwys kan word en dat die Meester bemagtig is om sekere van sy pligte aan hierdie personeel te kan delegeer. Dieselfde vereistes word gestel deur artikel 2 van die *Boedelwet* vir die aanstelling van Adjunkmeesters en Assistentmeesters soos wat gestel word vir die aanstelling van die Meester.[32] Gevolglik, wanneer daar na die Meester verwys word, kan dit ook die Adjunkmeesters en Assistentmeesters insluit.[33]

Artikel 3 van die *Boedelwet* bepaal dat 'n kantoor by elke setel van die Hoë Hof vir die Meester van daardie regsgebied gevestig word.[34] Verder word voorsiening gemaak vir subkantore van daardie Meester in die regsgebied waarvoor hy/sy aangestel is.[35] Uit artikel 1 van die *Boedelwet* se woordomskrywings kan dit duidelik afgelei word dat wanneer daar na hierdie Meesterskantoor verwys word, dit ook die subkantore insluit.[36] Alle Suid-Afrikaanse landdroskantore is as subkantore aangewys, alhoewel hierdie

27 Artikel 2(1)(b)(i)-(iii) van die *Boedelwet*. Sien ook Abrie ea *Bestorwe Boedels* 83.
28 Artikel 2(1A) van die *Boedelwet*. Sien ook Abrie ea *Bestorwe Boedels* 83.
29 Artikel 2(1)(a)(iii) van die *Boedelwet*.
30 Artikel 2(1)(a)(iii) van die *Boedelwet*.
31 Wiechers en Vorster *Boedelberedderіng* 3.
32 Artikel 2(2) van die *Boedelwet*.
33 Artikel 1 van die *Boedelwet* se woordomskrywings maak ook voorsiening vir die insluit van Adjunk- en Assistentmeesters by die beskrywings van die Meester.
34 Artikel 3(1) van die *Boedelwet*. Tans is daar 15 Meesterskantore, naamlik te Bisho, Bloemfontein, Durban, Grahamstad, Johannesburg, Kaapstad, Kimberley Mmabatho (Mahikeng), Mthatha (Umtata), Nelspruit, Pietermaritzburg, Polokwane, Port Elizabeth, Pretoria en Thohoyandou. Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2020 http://www.justice.gov.za/master/contacts.htm.
35 Artikel 3(2)(b) van die *Boedelwet*.
36 Artikel 1 van die *Boedelwet*.

subkantore net sekere bevoegdhede het.[37] Adjunk- en Assistentmeesters word ooreenkomstig artikel 3 van die *Boedelwet* gemagtig om as die hoof van so 'n subkantoor op te tree. Die *Boedelwet* bepaal egter dat uitoefening van pligte deur Adjunkmeesters en Assistentmeesters, in hul kapasiteit as hoof van die subkantoor, steeds aan die beheer, leiding en toesig van die Meester van daardie regsgebied onderhewig sal wees.[38]

Die verantwoordelikheid rus derhalwe by die Minister om seker te maak dat 'n Hoofmeester aangestel word. Verder moet die Minister ook 'n Meester aanstel vir elke regsgebied in Suid-Afrika, met inagneming van artikel 2(1A) van die *Boedelwet.* Daarna kan Adjunkmeesters en Assistentmeesters aangestel word, wat op hul beurt ook as hoof van 'n subkantoor kan optree. Die Hoofmeester is gevolglik verantwoordelik vir die Meesters aangestel in die verskillende regsgebiede en die Meester in die verskillende regsgebiede oefen beheer oor die Adjunkmeesters en Assistentmeesters uit.

### *2.2 Die Meester se funksies en uitvoering daarvan*

Die Meester is vir 'n wye reeks funksies verantwoordelik. Die belangrikste funksies sluit in om aan die publiek diensbaar te wees met betrekking tot, onder andere, bestorwe boedels, insolvente boedels, registrasie van trusts en die administrasie van die voogdyfonds.[39] Volgens verskeie voorskrifte, soos uitgereik deur die Hoofmeester, is die primêre funksie van die Meester om die administrasie van bestorwe boedels te reguleer.[40] Hierby ingesluit is die Meester se plig om te verseker dat daar op 'n behoorlike manier omgesien word na die finansiële belange van die persone wat deur

---

37 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 84. Dit is belangrik om daarop te let dat subkantore van die Meester se bevoegdhede of magte beperk word. So 'n subkantoor kan wel onafhanklik bestorwe boedels beredder, maar slegs ooreenkomstig artikel 18(3) van die *Boedelwet.* Artikel 18(3) magtig die Meester om af te sien van die aanstelling van 'n eksekuteur gebaseer op die feit dat die boedel se waarde kleiner is as die bedrag wat deur die Minister bepaal word om die aanstelling van 'n eksekuteur te vereis. Hierdie aspek word in hoofstuk 4 van die skripsie verder bespreek.

38 Artikel 3(3) van die *Boedelwet*.

39 Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2020 https://www.justice.gov.za/master/.

40 Chief Master *Chief Master's Directive* 3 van 2006 1. Sien ook Chief Master *Chief Master's Directive* 2 van 2015 1.

die administrasie van 'n boedel geaffekteer word.[41] Die Meester kan verskeie van die funksies aan hom toegeskryf volgens sy eie diskresie uitoefen, maar sal altyd aan wetgewing gebonde wees.[42] Die voorskrifte, soos uitgereik deur die Hoofmeester, stel dit duidelik dat die Meester se optrede altyd in ooreenstemming met die reg moet plaasvind.[43]

Die howe het al geleentheid gehad om die Meester se plig om redelik, regverdig en in ooreenstemming met die reg op te tree, soos vereis in die onderskeie voorskrifte van die Hoofmeester, te interpreteer.[44] Die *Kamuhanga*-saak dien as illustrasie van die hof se verwagtinge van die standaarde waarvolgens die Meester sy funksies moet verrig, naamlik die Meester se plig om redelik, regverdig en in ooreenstemming met die reg op te tree.

In die *Kamuhanga*-saak het die appellant, Mev. Kamuhanga, geappelleer teen die besluit om nie haar aansoek vir die tersydestelling van die Meester se besluit, toe te staan nie.[45] Dit volg nadat die Meester die beswaar wat die appellant teen 'n likwidasie- en distribusierekening aangeteken het, verwerp het.[46] Die *Kamuhanga*-saak dien as goeie voorbeeld om die standaarde waarvolgens die Meester sy funksies moet verrig vas te stel.

Die appellant was die eksekuteur van haar oorlede man, Mnr. Kamuhanga, wat in 2008 oorlede is, se boedel.[47] Mnr Kamuhanga was ook 'n erfgenaam in sy pa, wat in 1997 oorlede is, se intestate boedel.[48] Die boedel van Mnr Kamuhanga se pa het, *inter alia*, 'n plaas wat vir R1 249 320.00 gewaardeer is, ingesluit.[49] Dié intestate boedel was

---

41 Chief Master *Chief Master's Directive* 3 van 2006 1. Sien ook Chief Master *Chief Master's Directive* 2 van 2015 1. Sien ook Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2020 https://www.justice.gov.za/master/.

42 Die primêre wet wat die funksies van die Meester reguleer, is die *Boedelwet.* Sien Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 3 en ook die *Kamuhanga*-saak par 14.

43 Chief Master *Chief Master's Directive* 3 van 2006 1. Sien ook Chief Master *Chief Master's Directive* 2 van 2015 1.

44 Die *Kamuhanga*-saak par 33. Sien ook *Levinson v The Master of the High Court* 2018 ZAGP JC 503 par 2 asook *Gaya v Rittmann* 2017 1 NR 80 (HC) par 43.

45 Die *Kamuhanga*-saak par 1.

46 Die *Kamuhanga*-saak par 1.

47 Die *Kamuhanga*-saak par 2.

48 Die *Kamuhanga*-saak par 2.

49 Die *Kamuhanga*-saak par 2.

egter ten tye van Mnr Kamuhanga se dood nog nie afgehandel nie.[50] Omdat Mnr. Kamuhanga se boedel minderjarige erfgename bevat het, moes die eiendom in sy pa se intestate boedel in ooreenstemming met die vereistes soos gestel deur die Meester, verkoop word.[51] Die enigste vereiste wat deur die Meester gestel is, is dat die plaas nie vir minder as R1 300 000.00 verkoop mag word nie.[52]

In Junie 2009 het die eksekuteur 'n aanbod van R 1 249 320.00 vanaf Mnr. Alexander, 'n erfgenaam in die boedel, vir die koop van die plaas ontvang.[53] Nog 'n aanbod , vanaf 'n tweede party, is in Julie 2009 vir die koop van die plaas vir R1 300 000 ontvang. As gevolg hiervan het Mnr. Alexander sy aanbod ook verhoog na R1 300 000.00.[54] Die tweede party het in reaksie hierop sy aanbod verhoog na R1 400 000.00, maar die eksekuteur het hom in kennis gestel dat die Meester toegestem het, en opdrag gegee het dat die plaas vir R1 300 000.00 aan Mnr. Alexander verkoop mag word.[55]

Die appellant argumenteer gevolglik dat hierdie transaksie tot nadeel van die boedel van haar oorlede man was en dat die Meester onredelik tot die verkoop van die plaas vir R100 000.00 minder as waarvoor die hoogste aanbod was, ingestem het.[56] Die Hof het dit baie duidelik gestel dat die Meester in hierdie geval die reg gehad het om 'n diskresie uit te oefen.[57] Die hof moes derhalwe vasstel of die Meester redelik, regverdig en in ooreenstemming met die reg opgetree het.[58]

Die hof het dit duidelik gestel dat die Meester die belange van die erfgename as eerste prioriteit geag het toe die Meester die voorwaarde, die verkoop van die plaas vir nie minder as R1 300 00.00 nie, gestel het.[59] Die hof meen verder dat die Meester het die minimum bedrag waarvoor die plaas verkoop moet word, reeds hoër gestel as die bedrag waarvoor die plaas gewaardeer is.[60] Die eksekuteur in Mnr Kamuhanga se pa

---

50 Die *Kamuhanga*-saak par 2.
51 Die *Kamuhanga*-saak par 5.
52 Die *Kamuhanga*- saak par 6.
53 Die *Kamuhanga*-saak par 8.
54 Die *Kamuhanga*-saak par 8.
55 Die *Kamuhanga*-saak par 8.
56 Die *Kamuhanga*- saak par 10.
57 Die *Kamuhanga*-saak par 14.
58 Die *Kamuhanga*-saak par 35.
59 Die *Kamuhanga*-saak par 38.
60 Die *Kamuhanga*-saak par 38.

se boedel het die Meester in kennis gestel dat, indien die plaas aan iemand anders as 'n erfgenaam verkoop word, daar eers toestemming by die regering gekry moet word.[61] Die hof is van mening dat die Meester hierdie aspek in gedagte gehou het toe hy toegestem het tot die verkoop van die plaas aan Mnr Alexander, wat wel 'n erfgenaam was.[62] Die hof meen dat dié besluit van die Meester verhinder het dat enige vertragings in die afhandeling van Mnr Kamuhanga se pa se boedel voorkom.[63] Die hof het ook verduidelik dat sou toestemming aangevra word om die plaas aan iemand anders as 'n erfgenaam te verkoop, hierdie toestemming nie noodwendig verkry sou word nie en dat onnodige risiko's kon intree sou die aanbod vir R1 400 00.00 eerder aanvaar is.[64]

Om hierdie redes het die hof bepaal dat dit nie gepas sal wees vir die hof om die Meester se besluit te bevraagteken nie en het die hof bepaal dat die Meester se besluit wel redelik, regverdig en in ooreenstemming met die reg plaasgevind het.[65]

Die Hof het in die *Kamuhanga*-saak bepaal dat goeie rede bestaan vir howe om respek te toon vir besluite wat deur die Meester gemaak word, aangesien die Meester 'n kundige op die gebied van die bereddering van bestorwe boedels is.[66] Die Hof het dit egter duidelik gemaak dat hierdie respek vir die Meester se besluite beperk sal word tot gevalle waar die Meester redelik regverdig, en in ooreenstemming met die reg, met inagneming van die relevante omstandighede, opgetree het.[67]

Abrie ea[68] is ook van mening dat wanneer die Meester sy funksies verrig, dit behoorlik en met die nodige aandag of redelike sorg, soos wat benodig word, uitgevoer moet word.[69] Wiechers en Vorster[70] meen ook dat wanneer na bereddering van bestorwe boedels verwys word die Meester altyd "versigtig, eerlik, doeltreffend en spoedig" moet

---

61 Die *Kamuhanga*-saak par 36.
62 Die *Kamuhanga*-saak par 38.
63 Die *Kamuhanga*-saak par 38.
64 Die *Kamuhanga*-saak par 40.
65 Die *Kamuhanga*-saak par 39.
66 Die *Kamuhanga*-saak par 32.
67 Die *Kamuhanga*-saak par 32.
68 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 87.
69 Die *Kamuhanga*-saak par 29 bevestig die interpretasie van Abrie ea *Bestorwe Boedels* 87. Hulle verduidelik die Meester se sorgsaamheidsplig deur van die Meester te verwag om met redelikheid, regverdigheid en in ooreenstemming met die reg op te tree.
70 Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 4.

optree en dat die bereddering onderworpe aan die wense van die erflater moet wees met inagneming van "maksimum voordeel en gerief".

Wat hierdie outeurs van die Meester verwag, kan saam met die standaard – soos gestel in verskeie voorskrifte, soos uitgereik deur die Hoofmeester[71] – gebruik word om 'n formele konsep te formuleer oor wat van die Meester verwag sal word wanneer hy sy funksies uitvoer. Hierdie funksies sluit in, onder andere, die aanname en registrasies van testamente, die vertolking of interpretasie van testamente, die verkoop van onroerende bates uit die boedel, die Meester se betrokkenheid wanneer stappe teen 'n eksekuteur geneem word, asook funksies tydens besware wat teen die likwidasie- en distribusierekening ingedien word.[72] Sou die Meester die bevoegdheid ontvang om gebrekkige testament te kondoneer, sal hierdie standaard waarvolgens die Meester sy funksies moet verrig, ook teenwoordig moet wees.

### *2.3 Uitbreiding van die Meester se funksies*

Sommige funksies wat met die Meester se verantwoordelikhede verband hou, kan nie deur die Meester se kantoor self uitgevoer word nie omdat dit buite die Meester se beslissingsbevoegdheid val.[73] Soos reeds genoem in hoofstuk 1 het die Meester tans geen bevoegdheid om 'n gebrekkige testament te kondoneer nie. Die amp van die Meester is hoofsaaklik administratief van aard en die Meester voer nie self 'n beregtingsfunksie uit nie.[74] Gevolglik, wanneer die Meester nie oor sekere aspekte, soos die kondonering van gebrekkige dokumente, kan beslis nie moet hierdie funksie deur die Hof uitgevoer word. Die Hof sal altyd aanbevelings of menings van die Meester in so 'n geval in ag neem, maar is nooit aan die Meester se aanbevelings of menings gebonde nie.[75]

Wat die administrasie van bestorwe boedels betref is daar 'n proses wat gevolg moet word. Wanneer 'n persoon sterf, moet eerstens vasgestel word of die oorledene 'n testament opgestel het. Indien daar wel so 'n dokument is, moet vasgestel word of die

71 Kollektief verwys na as die "*Chief Master's Directives*".
72 Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 4-6. Sien ook Abrie ea *Bestorwe Boedels* 58-87.
73 Wiechers en Vorster *Boedelbereddering* 6.
74 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 85, 87.
75 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 87.

dokument formeel geldig is. Om die formele geldigheid van 'n testament te bepaal word gekyk na die formaliteitsvereistes soos gestel in die *Wet op Testamente*.[76] Die Meester se plig tydens hierdie proses is om te beslis oor die formele geldigheid van die dokument. Die Meester kan, na ondersoek van die dokument, dit formeel geldig verklaar, of, indien sekere formaliteitsvereistes nie nagekom is nie, die dokument formeel ongeldig verklaar.

Soms gebeur dit dat 'n dokument nie aan die formaliteitsvereistes soos gestel in artikel 2(1) van die *Wet op Testamente* voldoen nie en dit daartoe aanleiding gee dat Meester die testament as formeel ongeldig moet verklaar. Die rede hiervoor is dat die Meester aan die *Wet op Testamente* gebonde bly en dat hy nie sy magte kan oorskry deur 'n dokument as formeel geldig te aanvaar sonder dat dit aan die formaliteitsvereistes voldoen nie.[77] Wanneer die dokument dan as formeel ongeldig verklaar word, moet die boedel intestaat vererf.

'n Gebrek aan voldoening aan die formaliteitsvereistes kan insluit dat die dokument nie op elke bladsy deur die testateur onderteken is nie, of dat 'n dokument opgestel is, maar dat die testateur oorlede is voordat dit deur hom onderteken kon word.[78] Wanneer so 'n geval na vore kom en die Meester die dokument formeel ongeldig verklaar, kan enige persoon wat 'n belang in die boedel het, deur middel van 'n aansoek, die gebrekkige dokument vir kondonasie na die hof verwys.[79] Dit beteken dat die Meester se pligte in terme van die beredderring van die boedel tydelik opgeskort word, totdat die hof 'n beslissing rakende die kondonering al dan nie van die gebrekkige dokument maak.

Die Meester het geen bevoegdheid wanneer dit by kondonering van gebrekkige dokumente kom nie en dit gee daartoe aanleiding dat beredderring van die bestorwe boedel vertraag word. Die beredderingsproses kan nie voortgaan sonder dat probleme met die gebrekkige dokument opgelos is nie. Die Meester se pligte met betrekking tot

76 Artikel 2(1)(a) van die *Wet op Testamente*.
77 Soos gestel in artikel 2(1) van die *Wet op Testamente*.
78 Sien ter voorbeeld die *Back*-saak, die *MacDonald*- saak en die *Van der Merwe*-saak soos genoem in hoofstuk 1.
79 Artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*.

die bestorwe boedel kan dus nie voortgaan nie, aangesien die gebrekkige dokument as testament gekondoneer kan word en dit die vererwing van die boedel kan beïnvloed.

Wanneer die afhandeling van die Meester se pligte van die howe afhanklik is, veroorsaak dit 'n groot vertraging as gevolg van verskeie eksterne faktore, soos onder andere oorvol hofrolle. Aangesien die Meester tans geen bevoegdheid het om gebrekkige dokumente te kondoneer nie, beperk dit die Meester se funksie om behoorlik toesig oor die beredderring van 'n bestorwe boedel te kan hou. Daarom moet 'n meer prakties uitvoerbare proses tydens die kondonering van 'n gebrekkige dokument ondersoek word. Om hierdie rede word ondersoek tot watter mate die funksies van die Meester uitgebrei kan word om ook die kondonering van gebrekkige testamente in terme van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* in te sluit.

### *2.4 Samevatting*

Die Meester het 'n baie duidelike verantwoordelikheid om seker te maak dat hy in die beste belang van alle persone betrokke by die beredderring van 'n bestorwe boedel optree. Om hierdie rede moet aan wetgewende vereistes voldoen word voordat 'n persoon die amp van die Meester kan beklee. Daar moet ook toegesien word dat die Meester in die uitoefening van sy pligte aan die vereistes soos uiteengesit in onder andere die *Boedelwet* voldoen.[80] In 'n ondersoek na die vraag tot watter mate die funksies van die Meester uitgebrei kan word om ook die kondonering van gebrekkige testamente in terme van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* in te sluit, is dit belangrik om daarop te let dat hierdie moontlike nuwe funksie van die Meester op dieselfde wyse uitgeoefen moet word soos wat van die Meester verwag word wanneer hy enige van sy ander funksies verrig. Om te bepaal tot watter mate die Meester se funksies uitgebrei kan word om ook die kondonering van gebrekkige testamente in terme van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* in te sluit, is dit belangrik om vas te stel wat die formaliteitsvereistes vir 'n formele geldige testament is.

[80] Artikel 2(2) van die *Boedelwet*.

## 3 Formaliteitsvereistes en die kondonering van 'n formeel gebrekkige dokument

Voordat kondonering van 'n formeel gebrekkige dokument kan plaasvind, moet nagegaan word wat die formaliteitsvereistes is waaraan 'n testament moet voldoen. Dit is ook belangrik om vas te stel aan watter formaliteitsvereistes 'n testament moet voldoen nadat wysigings daaraan aangebring is. Wanneer vasgestel is wat die noodsaaklike formaliteitsvereistes is wat teenwoordig moet wees, , moet ook bevestig word wat die vereistes vir die kondonering van gebrekkige testamente is. Die doel van hierdie hoofstuk is om die formaliteitsvereistes in artikel 2(1)(a) van die *Wet op Testamente* te bestudeer en, waar wysigings aan 'n bedoelde testament aangebring is, ook artikel 2(1)(b) van die *Wet op Testamente*. Verder moet daar bepaal word watter vereistes gestel word vir die kondonering van 'n gebrekkige testament in terme van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*.

Wanneer die bogenoemde aspekte vasgestel is, sal bepaal kan word of die Meester daartoe in staat sal wees om ook gebrekkige testamente te kondoneer, soos bedoel in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*. Die sekondêre navorsingsvrae wat derhalwe in hierdie hoofstuk beantwoord sal word, is wat die formaliteitsvereistes is waaraan 'n testament moet voldoen wanneer dit oorspronklik verly word en ook nadat wysigings daaraan aangebring is. Daar sal ook nagegaan word watter vereistes in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* vir die kondonering van 'n formeel gebrekkige dokument gestel word.

### *3.1 Formaliteitsvereistes vir die verlyding van 'n formele geldige testament*

Die eerste vraag wat gevra moet word, is: aan watter vereistes moet 'n testament tydens die verlyding daarvan voldoen vir die bedoelde dokument om as formele geldig testament geag te word? Om die praktiese toepassing van hierdie vraag beter te kan verstaan, moet die manier waarop die howe die formaliteitsvereistes interpreteer ontleed word. Artikel 2(1)(a) van die *Wet op Testamente* sit die formaliteitsvereistes

vir die verlyding van 'n formele geldige testament uiteen. Schoeman-Malan ea[81] meen dat die formaliteitsvereistes daar gestel is om bedrog te voorkom; om seker te maak dat die testateur sy besittings vrylik bemaak; om te verseker dat die testateur en die dokument duidelik geïdentifiseer kan word en om onnodige spekulasie en ander onsekerhede te voorkom. Knoetze[82] meen verder dat die doel van die formaliteitsvereistes, in besonder ook artikel 2(1)(a)(v) van die *Wet op Testamente*, geformuleer is om bedrog tydens ondertekening te voorkom. Die regbank het ook al per geleentheid die belang en noodsaaklikheid van formaliteitsvereistes vir die verlyding van testamente beklemtoon. In *Ex parte Sookoo: In re Estate Dularie*[83] het die hof het die volgende bevestig:

> The object of the legislation must include avoidance of fraud by impersonation of testators and by misrepresentation to them of the nature of the documents put before them.[84]

Die formaliteitsvereistes word vervolgens bespreek.

### *3.1.1 Ondertekening van die testament deur die testateur*

Die eerste vereistes is dat die testament deur die testateur onderteken moet word.[85] Ondertekening word in die *Wet op Testamente* op so 'n wyse omskryf om die maak van 'n paraaf in te sluit.[86] Dit beteken dat 'n volledige handtekening nie noodwendig vereis word nie. Die woordomskrywing van "onderteken" gee ook eksklusief die reg aan die testateur om 'n merk te gebruik om sy handtekening aan te dui.[87] Ondertekening deur die testateur kan ook insluit dat 'n ander persoon ('n *amanuensis*) die testament namens die testateur onderteken, maar die testateur moet spesifiek opdrag hiervoor gee en hierdie ondertekening moet in die teenwoordigheid van die testateur, getuies en 'n Kommissaris van Ede plaasvind.[88] Wanneer daar hierna verwys word na die testateur, sluit dit ook hierdie bedoelde ander persoon, naamlik die

---

81 Schoeman-Malan ea "Section 2(3) of the *Wills Act* 7 of 1953: a retrospective and critical appraisal of some unresolved issues" 80. Sien ook die *Van der Merwe*-saak par 13 en *Grobler v Master of the High Court* 2019 ZASCA 119 par 11.

82 Knoetze 2000 *TSAR* 383.

83 *Ex Parte Sookoo: In re Estate Dularie* 1960 4 SA 249 (D) (hierna die *Dularie*-saak).

84 Die *Dularie*-saak 252A.

85 Artikel 2(1)(a)(i) van die *Wet op Testamente*.

86 Artikel 1 van die *Wet op Testamente*.

87 Artikel 1 van die *Wet op Testamente*.

88 Artikel 2(1)(a)(i) van die *Wet op Testamente*.

*amanuensis* in. Die Kommissaris van Ede moet ten alle tye teenwoordig wees wanneer die *amanuensis* namens die testateur die testament onderteken.

Artikel 2(1)(a)(ii) van die *Wet op Testamente* vereis ook dat ten minste twee getuies teenwoordig moet wees wanneer die testament deur die testateur onderteken word. Artikel 2(1)(a)(ii) lees soos volg:

> ... bedoelde handtekening in die teenwoordigheid van twee of meer bevoegde getuies wat gelyktydig teenwoordig is deur die erflater of deur bedoelde ander persoon aangebring word of deur die erflater en, indien dit deur bedoelde ander persoon aangebring word, ook deur daardie persoon erken word ...[89]

Hierdie subartikel maak daarvoor voorsiening dat die testateur die testament in die teenwoordigheid van die twee getuies moet onderteken.[90] Die subartikel maak egter verdere voorsiening vir die erkenning van die testateur se handtekening teenoor die twee getuies.[91] Erkenning van die testateur se handtekening kom na vore in gevalle waar die testateur die testament onderteken sonder die teenwoordigheid van die getuies. Die testateur sal dan daarna sy handtekening *ex post facto*[92] teenoor die getuies erken.[93] Waar 'n *amanuensis* namens die testateur die testament sonder die teenwoordigheid van die getuies onderteken, maar in teenwoordigheid van die testateur en Kommissaris van Ede, moet die *amanuensis* en die testateur teenwoordig wees wanneer die handtekening teenoor die getuies erken word.[94]

Die hof het in *Tshabalala v Tshabalala*[95] bepaal dat 'n testament uit woorde bestaan en nie uit papier nie, en dat dit gevolglik inhou dat ondertekening van 'n testament deur die testateur so naby aan die einde van die laaste woorde as moontlik moet plaasvind.[96]

---

89 Artikel 2(1)(a)(ii) van die *Wet op Testamente*.
90 Artikel 2(1)(a)(ii) van die *Wet op Testamente*.
91 Artikel 2(1)(a)(ii) van die *Wet op Testamente*. Sien ook Jamneck ea *Erfreg* 75.
92 'n Aksie met terugwerkende effek.
93 Jamneck ea *Erfreg* 74.
94 Artikel 2(1)(a)(ii) van die *Wet op Testamente*.
95 *Tshabalala v Tshabalala* 1980 1 SA 134 (O) (hierna die *Tshabalala*-saak).
96 Die *Tshabalala* saak par 137. Sien ook *Kidwell v The Master* 1983 1 SA 509 (OK) par 513 (hierna die *Kidwell*-saak).

### *3.1.2 Ondertekening van die testament deur getuies*

Die getuies wat teenwoordig moet wees wanneer die testateur die testament onderteken, moet ook self as getuies tot die verlyding van die testament onderteken.[97] Die getuies moet in die teenwoordigheid van mekaar en ook in die teenwoordigheid van die testateur onderteken.[98] Dit beteken dat die getuies twee funksies verrig: hulle neem waar hoe die testament onderteken word (die getuies attesteer die handtekening), hetsy deur die testateur of 'n *amanuensis* (in die laasgenoemde geval ook waar die Kommissaris van Ede teenwoordig is) en hulle onderteken ook fisies self die testament.[99] Wanneer die testament gevolglik deur 'n *amanuensis* namens die testateur in sy en die Kommissaris van Ede se teenwoordigheid onderteken word, moet hierdie *amanuensis* ook teenwoordig wees wanneer die getuies die dokument onderteken.[100] Jamneck ea[101] meen dat dit belangrik is om seker te maak dat die getuies die testament eers na die testateur onderteken. Die rede hiervoor is omdat die getuies die handtekening van die testateur of *amanuensis* (in die laasgenoemde geval ook waar die Kommissaris van Ede teenwoordig is) moet bevestig.[102] Jamneck ea[103] skryf verder dat sou die testateur die testament eers na die getuies onderteken, dit die testament formeel ongeldig sou maak.

Uit die bewoording in artikel 2(1)(a)(i) is dit duidelik dat die getuies tot die ondertekening van die testament, en wat ook self die testament onderteken, bevoeg moet wees. 'n Persoon sou as 'n bevoegde getuie gesien word indien hy ouer is as 14 jaar en bevoeg sou wees om getuienis in 'n geregshof af te lê.[104] Raviv[105] meen dat 'n getuie tot 'n testament bevoeg sou wees indien die getuie die gevolge van sy of haar aksies kan verstaan. In *Liebenberg v The Master*[106] het die hof beslis dat dit nie vereis

---

97 Artikel 2(1)(a)(iii) van die *Wet op Testamente*.
98 Artikel 2(1)(a)(iii) van die *Wet op Testamente*.
99 Jamneck ea *Erfreg* 74.
100 Artikel 2(1)(a)(iii) van die *Wet op Testamente*.
101 Jamneck ea *Erfreg* 75.
102 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 52.
103 Jamneck ea *Erfreg* 75.
104 Sien die omskrywing van "bevoegde getuie" in artikel 1 van die *Wet op Testamente*. Sien ook Jamneck ea *Erfreg* 74, Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning* 127, 160 en Abrie ea *Bestorwe Boedels* 52.
105 Raviv 2016 https://www.golegal.co.za/draft-valid-will-10-steps/.
106 *Liebenberg v The Master* 1992 3 SA 57 (D) (hierna die *Liebenberg*-saak).

word dat die getuies kennis neem van die inhoud van die testament nie en dat selfs nie eers van hulle verwag word om te weet dat die dokument wat hul onderteken 'n testament is nie. Die hof het ook hier aangedui dat die plek waar die getuies die dokument onderteken nie die geldigheid van die testament beïnvloed nie en dat getuies die testament op enige plek op die bladsy kan onderteken.[107]

### *3.1.3 Ondertekening van die testament wat uit meer as een bladsy bestaan*

Sekere testamente is van so 'n aard is dat dit uit meer as een bladsy bestaan. Om seker te maak dat elke bladsy die ware bedoeling van die testateur weergee, vereis die *Wet op Testamente* dat die testament op elke bladsy deur die testateur onderteken moet word.[108] Hierdie subartikel vereis nie van die getuies om die testament op elke bladsy te onderteken nie, maar dit word sterk aanbeveel om enige potensiële probleme met die testament uit te skakel.[109] Wanneer 'n testament gevolglik uit meer as een bladsy bestaan, stel hierdie subartikel geen duidelike vereistes oor waar presies elke bladsy onderteken moet word nie en stel dit dat dit "... op enige plek op die bladsy ..." onderteken kan word. In ooreenstemming met die *Tshabalala* saak[110] sal ondertekening van die laaste bladsy egter so naby aan die einde van die laaste woorde moet geskied.

### *3.1.4 Ondertekening van die testament in uitsonderlike gevalle*

Wanneer die testateur nie daartoe in staat is om sy volledige handtekening op die testament aan te bring nie, maak die *Wet op Testamente* daarvoor voorsiening dat die testateur die testament deur middel van die maak van 'n merk kan onderteken.[111] Wanneer so 'n geval na vore kom, moet sekere vereistes, soos gestel deur artikel 2(1)(a)(v) van die *Wet op Testamente*, nagekom word. Hierdie vereistes lees as volg:

> 'n kommissaris van ede moet sertifiseer dat hy homself oortuig het van die identiteit van die erflater en dat die aldus ondertekende testament die testament van die erflater is, en elke bladsy van die testament, uitgesonderd die bladsy waarop sy

107 Die *Liebenberg saak* 58I. Sien ook Jamneck ea *Erfreg* 74.
108 Artikel 2(1)(a)(iv) van die *Wet op Testamente*.
109 Cliffe Dekker Hofmeyr 2011 https://www.golegal.co.za/requirements-valid-will-south-africa/.
110 Soos bespreek in afdeling 3.1.1.
111 Artikel 2(1)(a)(v) van die *Wet op Testamente*.

> sertifikaat voorkom, ook deur die kommissaris van ede wat aldus sertifiseer, onderteken word op enige plek op die bladsy: ...[112]

Die vereiste soos gestel in artikel 2(1)(a)(v) van die *Wet op Testamente* kan wel nie in isolasie geïnterpreteer word nie en vormvereistes in die direk voorafgaande subartikels moet ook in ag geneem word. Artikel 2(1)(a)(v) van die *Wet op Testamente* lees verder:

> Met dien verstande dat-
> *(aa)* die testament in die teenwoordigheid van die kommissaris van ede ingevolge subparagrawe (i), (iii) en (iv) onderteken word en die betrokke sertifikaat so gou doenlik nadat die testament aldus onderteken is, aangebring word en
> *(bb)* indien die erflater sterf nadat die testament ingevolge subparagrawe (i), (iii) en (iv) onderteken is maar voordat die kommissaris van ede die betrokke sertifikaat aangebring het, die kommissaris van ede so gou doenlik hierna sy sertifikaat aanbring of voltooi, en elke bladsy van die testament, uitgesonderd die bladsy waarop sy sertifikaat voorkom, onderteken.[113]

Dit beteken dat wanneer die Kommissaris van Ede se betrokkenheid by die verlyding van die testament vereis word, die ondertekening van die testament deur die getuies, ook in die teenwoordigheid van die Kommissaris van Ede, sal moet plaasvind. Nadat daar dan aan al hierdie vereistes voldoen is, kan die Kommissaris van Ede sy sertifikaat aanbring en eers daarna sal die testament formeel as geldig onder artikel 2(1)(a)(v) van die *Wet op Testamente* geag word. Hierdie subartikel hanteer dus ook gevalle waar die vereistes soos gestel nagekom is, maar die testateur sterf voordat die sertifikaat aangebring is om die testament as geldig te verklaar.

Die Kommissaris van Ede is 'n belangrike rolspeler in subartikel (v). Daarom is dit belangrik dat wanneer die Kommissaris van Ede ingevolge subartikel (v) optree, dit gedoen word in sy hoedanigheid as Kommissaris van Ede. Hierdie vereiste word nie spesifiek genoem of vereis in subartikel (v) nie, maar is verskeie kere deur die howe bevestig.[114]

---

112 Artikel 2(1)(a)(v) van die *Wet op Testamente*.
113 Artikel 2(1)(a)(v) van die *Wet op Testamente*.
114 *Radley v Stopforth* 1997 2 SA 516 A (hierna die *Radley*-saak). Verdere regspraak in hierdie verband word in afdeling 3.1.5 bespreek.

### *3.1.5 Regspraak oor die toepassing van artikel 2(1)(a)*

In die *Kidwell*-saak het die testateur sy testament onderteken aan die onderkant van die laaste bladsy.[115] Die testateur het egter die handtekening aangebring sowat 13cm onder die laaste bewoording op die bladsy.[116] Die hof moes in die *Kidwell*-saak ondersoek instel of die vereiste in artikel 2(1)(a)(iv) van die *Wet op Testamente* nagekom is. Die bewoording in artikel 2(1)(a)(iv) stel dat die testament onderteken moet word op enige plek op die bladsy, maar die hof was van mening dat die handtekening aan die einde van die laaste bewoording aangebring moet word.[117] Na aanleiding van die presedent wat in die *Tshabalala*-saak geskep is, is dit duidelik gestel dat die vereiste bedoel in artikel 2(1)(a)(iv) van die *Wet op Testamente* inhou dat die handtekening so na as moontlik aan die laaste bewoording op die bladsy moet geskied. Hierdie vereiste moet streng nagekom word vir die testament om formeel geldig te wees. Gevolglik is die testament in die *Kidwell*-saak formeel ongeldig verklaar weens 'n gebrek aan voldoening aan die formaliteitsvereistes. Die beslissing in die *Kidwell*-saak en die *Tshabalala*-saak is voor die inwerkingtreding van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* gelewer en dien as goeie voorbeeld vir die noodsaak van 'n kondonasiebevoegdheid.[118]

In *Lewit v Fround*[119] moes die hof oor twee aspekte beslis. Die eerste het gehandel oor die egtheid van die testateur se handtekening en die tweede oor die ondertekening van die testament deur die getuies.[120] Die feite dui skynbaar daarop dat die testateur se prokureur die testament opgestel het en daarna die testateur se handtekening vervals het.[121] Die hof het egter na aanhoor van die saak beslis dat daar geen rede vir die prokureur bestaan het om die handtekening te vervals nie en beslis dat die testament in daardie opsig nie formeel gebrekkig is nie.[122] Met betrekking tot die tweede aspek het die hof wel bevestig dat die testament formeel gebrekkig is in terme van artikel 2(1)(a)(ii) van die *Wet op Testamente*, deurdat die twee getuies nie die

115 Die *Kidwell*-saak par 2.
116 Die *Kidwell*-saak par 5.
117 Die *Kidwell*-saak par 54.
118 Sien verdere besprekings in hierdie verband in afdeling 3.3 van hierdie skripsie.
119 *Lewit v Fround* 2012 JDR 1929 (GNP) (hierna die *Lewit*-saak).
120 Die *Lewit*-saak par 1-2.
121 Die *Lewit*-saak par 3, 22.
122 Die *Lewit*-saak par 55.

testament in mekaar en die testateur se teenwoordigheid onderteken het nie.[123] Die prokureur het erken dat hy die testament na die testateur geneem het vir ondertekening, waarna die testateur die testament slegs in sy teenwoordigheid onderteken het.[124] Daarna het die prokureur ook die testament as getuie onderteken in die teenwoordigheid van die testateur.[125] Die prokureur het daarna die testament na sy huis geneem waar sy vrou dit as die tweede getuie onderteken het.[126] Ten spyte van die feit dat ondertekening van die testament deur die getuies nie in mekaar en die testateur se teenwoordigheid plaasgevind het nie, het die hof bepaal dat die dokument wel bedoel was om die testament van die testateur te verteenwoordig.[127] Daarom het die hof die dokument as die testament van die testateur vir doeleindes van die *Boedelwet* aanvaar.[128] Die vereistes hiervoor sal later in afdeling 3.3 bespreek word.

In *Jeffrey v The Master*[129] het die Kommissaris van Ede bevestig dat hy tevrede is met die identiteit van die testateur, nadat die testateur haar testament onderteken het deur die gebruik van haar duim-afdruk.[130] Die Kommissaris van Ede het egter sy verklaring onderteken in sy hoedanigheid as prokureur en nie as Kommissaris van Ede nie.[131] Die Meester het gevolglik die testament verwerp nadat hy aangedui het dat daar nie aan die formaliteitsvereistes voldoen is nie.[132] Die hof het in die *Jeffrey*-saak verwys na 'n vroeër beslissing in die *Radley*-saak. Die hof in die *Radley*-saak meen dat die bedoeling van die wetgewer in artikel 2(1)(a)(v) van die *Wet op Testamente* was dat die Kommissaris van Ede die besondere amp wat hy in die spesifieke situasie beklee, moet bevestig.[133] Die hof het die appellante se argument ondersteun, naamlik dat wanneer die amp van die persoon wat die testament sertifiseer, aangedui word, die amp van die persoon wat hom die reg gee om die testament te sertifiseer, gebruik moet word.[134]

---

123 Die *Lewit*-saak par 57.
124 Die *Lewit*-saak par 16
125 Die *Lewit*-saak par 16.
126 Die *Lewit*-saak par 19.
127 Die *Lewit*-saak par 56, 60.
128 Die *Lewit*-saak par 56, 60.
129 *Jeffrey v The Master* 1990 4 SA 759 (N) (hierna die *Jeffrey*-saak).
130 Die *Jeffrey*-saak par 760D - E.
131 Die *Jeffrey*-saak par 760F.
132 Die *Jeffrey*-saak par 760G.
133 Die *Radley*-saak 516.
134 Die *Radley*-saak 528H.

### *3.1.6 Samevatting rakende die formaliteitsvereistes vir die verlyding van 'n testament*

Na aanleiding van die formaliteitsvereistes en toepaslike regspraak, soos bepreek, is dit duidelik dat die formele geldigheid van die testament sal afhang van voldoening aan die formaliteitsvereistes soos gestel in artikel 2(1)(a) van die *Wet op Testamente.* Die gebrek aan voldoening aan formaliteitsvereistes beteken wel nie dat die gebrekkige dokument nie gekondoneer sal kan word nie. 'n Meer omvattende bespreking rakende watter gebrekkige dokumente, soos bedoel in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*, gekondoneer kan word, sal later in afdeling 3.3 bespreek word.

## ***3.2 Formaliteitsvereistes by die wysiging van testamente***

### *3.2.1 Inleiding*

Terwyl artikel 2(1)(a) van die *Wet op Testamente* die formaliteitsvereistes uiteensit vir die verlyding van 'n formele geldige testament, hanteer artikel 2(1)(b) gevalle waar wysiging van testamente betrokke is. Wanneer die testateur 'n testament opstel en aan al die formaliteitsvereistes voldoen, kan dit soms gebeur dat die testament later gewysig word. Alhoewel die wysiging van testamente verskeie aksies kan inhou, sluit dit onder andere in dat bepalings bygevoeg kan word, sekere bepalings geskrap kan word of begunstigdes bygevoeg kan word.[135] Wanneer die wysigings aangebring word en dit nie voldoen aan die vereistes soos gestel in artikel 2(1)(b) van die *Wet op Testamente* nie, kan dit die formele geldigheid van die testament beïnvloed. Daarom moet die vraag gevra word: aan watter formaliteitsvereistes moet voldoen word wanneer 'n testament gewysig word, ten einde seker te maak dat die testament steeds na wysigings as formeel geldig beskou sal word?

### *3.2.2 Bespreking van die formaliteitsvereistes by die wysiging van testamente*

Wanneer die testament gewysig word, moet die testateur weer sy handtekening op die testament by die wysigings aanbring.[136] Net soos wat 'n ander persoon namens die testateur, in opdrag van die testateur en in sy teenwoordigheid, die testament kan onderteken, kan 'n ander persoon ook namens die testateur, in opdrag van die

[135] Jamneck ea *Erfreg* 79-80. Sien ook Abrie ea *Bestorwe boedels* 60-61.
[136] Artikel 2(1)(b)(i) van die *Wet op Testamente*. Sien ook Jamneck ea *Erfreg* 80.

testateur en in sy teenwoordigheid, die testament onderteken nadat wysigings daaraan aangebring is.[137] Wanneer wysigings aan die testament aangebring word, vereis artikel 2(1)(b)(ii) van die *Wet op Testamente* ook dat, tydens die ondertekening deur die testateur, die twee bevoegde getuies teenwoordig moet wees.[138] Ooreenstemmend met artikel 2(1)(a)(iii) van die *Wet op Testamente* moet die getuies ook die testament onderteken by die wysigings nadat wysigings aangebring is.[139] Dit is nie 'n vereiste dat dieselfde getuies wat by die verlyding van die oorspronklike testament geattesteer het, ook by die wysiging van die testament hoef te attesteer nie.[140]

Wanneer die testateur wysigings op die testament wil aanbring, maar nie op daardie stadium in staat is daartoe om die testament te onderteken nie, maak die *Wet op Testamente* in artikel 2(1)(b)(iv) voorsiening daarvoor dat die maak van 'n merk gebruik kan word.[141] Die Kommissaris van Ede se betrokkenheid sal ook hier vereis word en net soos in artikel 2(1)(a)(v) moet die vereistes in die wet genoem, streng nagekom word.[142] Die betrokkenheid van die Kommissaris van Ede in hierdie proses is belangrik sodat met sekerheid vasgestel kan word dat die veranderinge op die testament in opdrag of op versoek van die testateur aangebring is.[143] Die Kommissaris van Ede moet ook ten alle tye teenwoordig wees wanneer 'n *amanuensis* namens die testateur onderteken en ook wanneer die testateur 'n merk gebruik om te onderteken in plaas van sy volledige handtekening.[144]

Wanneer 'n testament gewysig word, sonder dat aan die formaliteitsvereistes voldoen word, sal die wysigings as ongeldig verklaar word en sal geen kennis van die wysigings geneem word nie. Indien 'n testament na wysiging ongeldig verklaar word, sal die testament, voordat die spesifieke wysiging aangebring is, as die testateur se laaste wense beskou word, tensy 'n aansoek vir kondonasie by die hof hangend is.[145]

---

137 Artikel 2(1)(b)(i) van die *Wet op Testamente*.
138 Artikel 2(1)(b)(ii) van die *Wet op Testamente*.
139 Artikel 2(1)(b)(iii) van die *Wet op Testamente*.
140 Jamneck ea *Erfreg* 80.
141 Artikel 2(1)(b)(iv) van die *Wet op Testamente*.
142 Hierdie vereistes sluit in die aanheg van die sertifikaat soos bedoel in subartikels 2(1)(b)(v)(aa) en (bb) van die *Wet op Testamente*.
143 Jamneck ea *Erfreg* 81.
144 Artikel 2(1)(b)(iv) van die *Wet op Testamente*.
145 Jamneck ea *Erfreg* 80.

### *3.2.3 Samevatting rakende die formaliteitsvereistes vir die wysiging van testamente*

Dit is dus duidelik uit die bewoording in die *Wet op Testamente* se artikel 2(1)(a) en (b) dat soortgelyke vormvereistes daargestel word ongeag of die testament vir die eerste keer opgestel word en of dit op 'n latere stadium gewysig word. Indien hierdie vereistes nie nagekom word nie, sal die testament as formeel ongeldig beskou word. Formele ongeldigheid van 'n testament nadat wysiging aangebring is, beteken nie dat kondonasie van die gebrekkige dokument, wat bedoel was om as testament te dien, onmoontlik is nie. Verdere besprekings in hierdie verband word in afdeling 3.3 aangetref.

## ***3.3 Artikel 2(3) van die Wet op Testamente***

### *3.3.1 Inleiding rakende die kondonasiebevoegdheid*

Artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* sit die vereistes uiteen vir die kondonering van 'n gebrekkige dokument as testament. Die vraag wat hier gevra moet word, is wat artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* behels. Dit is belangrik om die inhoud van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* te bestudeer en om presies te sien hoe artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* prakties toegepas word. Eers wanneer die inhoud van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* verstaan word, kan die vraag beantwoord word tot welke mate die Meester se funksies uitgebrei kan word om ook voorsiening te maak vir die kondonering van gebrekkige dokumente, wat bedoel was om as testament te dien.

Die streng formaliteitsvereistes wat deur artikel 2(1)(a) en (b) van die *Wet op Testamente* gestel word, het al tot groot uitdagings gelei wanneer bestorwe boedels beredder moet word, waar die  dokument gebrekkig is. Daar is reeds in hoofstuk 2 daarop gewys dat wanneer 'n persoon tot sterwe kom en daar 'n testament opgestel is, die Meester eers die testament moet ondersoek en bepaal of dit formeel geldig is aan die hand van die formaliteitsvereistes soos gestel in artikel 2(1)(a) en (b) van die *Wet op Testamente*. Indien die dokument deur die Meester verwerp word, weens gebrek aan voldoening aan die formaliteitsvereistes, sou die boedel intestaat moes vererf.

Probleme in hierdie verband, naamlik dat die boedel intestaat moet vererf, is later onder die wetgewer se aandag gebring en wysigings is voorgestel om vir die buigsame toepassing van die streng formaliteitsvereistes voorsiening te maak.[146] Die *Wet tot Wysiging van die Erfreg*[147] het daarom bygedra tot die byvoeging van artikel 2(3) in die *Wet op Testamente*.[148] Corbett, Hofmeyr en Kahn[149] beskou die wysigings in die *Wet op Testamente*, wat voorsiening maak vir 'n kondonasiebevoegdheid as 'n positiewe bydrae, aangesien hulle meen dat die toepassing van die formaliteitsvereistes te streng is. Dit blyk dat Schoeman-Malan ea[150] hierdie mening ondersteun deur hul redenasie dat die streng toepassing van die formaliteitsvereistes die wense van 'n testateur onnodig beperk. Die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie se motivering vir die skep van die kondonasiebevoegdheid was om 'n balans tussen die streng formaliteitsvereistes en die rol wat daardie formaliteitsvereistes in die handhawing van geldige testamente speel, te vind.[151] Knoetze[152] meen ook dat die doel van die kondonasiebevoegdheid is om te verseker dat die fokus nie op tegniese konsepte is nie, maar om te verseker dat die wense en bedoeling van die testateur voorkeur kry.

Artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* verleen aan die Hoë Hof 'n kondonasie-bevoegdheid wanneer die dokument nie aan al die formaliteitsvereistes voldoen nie. Die proses behels dat enige persoon wat 'n belang by die boedel het, deur middel van 'n aansoek die gebrekkige dokument na die hof kan verwys vir kondonering.[153] Die hof sal dan, na die aanhoor van getuies en ander argumente (wat die hof op 'n oorwig van waarskynlikhede moet oortuig) bepaal of die gebrekkige dokument die ware bedoeling van die testateur verteenwoordig.[154] Artikel 2(3) lees soos volg:

> Indien 'n hof oortuig is dat 'n dokument of die wysiging van 'n dokument wat opgestel of verly is deur 'n persoon wat sedert die opstel of verlyding daarvan oorlede is, bedoel was om sy testament of 'n wysiging van sy testament te wees, gelas die hof

---

146 De Lange *Consultus* 155.
147 43 van 1992.
148 Artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* is bygevoeg by artikel 3(g) van Wet 43 van 1992.
149 Corbett, Hofmeyr en Kahn *The Law of Succession in South Africa* 50, 58.
150 Schoeman-Malan ea "Section 2(3) of the *Wills Act* 7 of 1953: a retrospective and critical appraisal of some unresolved issues" 80.
151 Departement van Justisie 1991 *SAR* par 4.5.
152 Knoetze 2000 *TSAR* 385.
153 Gildenhuys 2020 *Litnet* 158.
154 Gildenhuys 2020 *Litnet* 158.

> die Meester om daardie dokument, of die dokument soos gewysig, vir die doeleindes van die Boedelwet, 1965 (Wet 66 van 1965), as testament te aanvaar ofskoon dit nie aan al die vormvereistes vir die verlyding of wysiging van testamente bedoel in subartikel (1) voldoen nie.

Uit hierdie subartikel kan drie duidelike vereistes uitgelig word wat die kondonering van gebrekkige dokumente (wat bedoel was om as testamente te dien) sal magtig. Verdere besprekings in hierdie verband sal hieronder gedoen word, maar dit blyk duidelik dat daar 'n dokument moet wees, dat die dokument opgestel of verly moes gewees het deur 'n persoon wat na die opstel daarvan oorlede is en dat die bedoeling van die persoon moes gewees het dat daardie betrokke dokument as sy testament moet dien.[155] Wanneer voldoening aan hierdie vereistes op 'n oorwig van waarskynlikheid bewys kan word, moet die hof die Meester gelas om die dokument vir doeleindes van die *Boedelwet* te aanvaar.[156]

Dit is egter van die begin af duidelik dat kondonasie net moontlik sal wees in die geval waar 'n gebrek aan die formaliteitsvereistes, soos geformuleer in artikel 2(1)(a)en (b) van die *Wet op Testamente*, teenwoordig is.[157] Wanneer ander tipe gebreke in die testament na vore kom, sal die testament nie gekondoneer kan word nie.

Na aanleiding van die drie vereistes wat hierbo vir die kondonering van gebrekkige dokumente gestel is, soos afgelei uit die bewoording van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*, moet bepaal word wat hierdie vereistes behels. Die eerste vraag om te ondersoek is die vraag of die persoon, wat sedertdien oorlede is, persoonlik die dokument moes opstel en of iemand die dokument namens hom of haar kon opstel. Die tweede vraag wat ondersoek moet word, is hoe die woord 'bedoel' geïnterpreteer moet word of hoe die hof sal vasstel wat die ware bedoeling van die testateur was. Die laaste vraag wat gevra moet word, is of 'n testament wat aan geen van die vormvereistes voldoen nie, gekondoneer kan word. Die bespreking van die regspraak hieronder sal meer duidelikheid oor hierdie aspekte gee.

---

155 Abrie ea *Bestorwe boedels* 57. Sien ook Papadopoulos 2012 *SA Merc LJ* 94.
156 Die *Van der Merwe*-saak par 14.
157 Abrie ea *Bestorwe boedels* 57.

### *3.3.2 Regspraak wat die probleme rakende artikel 2(3) illustreer*

Verskeie hofsake sal bestudeer word om tipiese probleme met formeel gebrekkige dokumente uit te lig. Dit is belangrik om hierdie regspraak te bestudeer om te bepaal tot watter mate die Meester se funksies uitgebrei kan word om ook vir die kondonering van gebrekkige dokumente voorsiening te maak. Schoeman-Malan ea[158] erken dat sekere probleme met die interpretasie van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* steeds voorkom, maar voer aan dat die aanvaarbare riglyne wat reeds deur die howe gevestig is, streng gevolg moet word.

In die *MacDonald*-saak het die testateur 'n dokument op sy rekenaar gestoor met die bedoeling dat dit sy testament verteenwoordig.[159] Die testateur het egter gesterf voordat hierdie dokument deur hom onderteken kon word.[160] Die hof het uiteindelik beslis dat die hardekopie-uitdruk, wat aan die artikel 2(3)-aansoek aangeheg is, die ware bedoeling van die testateur verteenwoordig en het die dokument daarom as testament vir doeleindes van die *Boedelwet* aanvaar.[161]

In die *Van der Merwe*-saak het 'n soortgelyke geval na vore gekom. Die testateur se bedoelde testament was geformuleer in 'n dokument wat as 'n aanhangsel in 'n e-pos gestuur is, maar die testateur is oorlede voor finale verlyding kon plaasvind.[162] Die dokument in die *Van der Merwe*-saak is ook deur die hof vir doeleindes van die *Boedelwet* as testament aanvaar.[163]

Die howe in die *MacDonald*- en *Van der Merwe*-sake se grootse motivering vir die kondonering van die gebrekkige dokumente was die feit dat beide dokumente maklik in hardekopie geproduseer kon word. In hierdie opsig is aan die eerste vereiste, soos afgelei uit die bewoording van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*, voldoen, naamlik dat daar 'n dokument moet wees. Die hof het dit in die saak *Ex parte Porter*[164]

158 Schoeman-Malan ea "Section 2(3) of the *Wills Act* 7 of 1953: a retrospective and critical appraisal of some unresolved issues" 95.
159 Die *MacDonald*-saak 68G.
160 Die *MacDonald*-saak 69D.
161 Die *MacDonald*-saak par 73B.
162 Die *Van der Merwe*-saak par 3.
163 Die *Van der Merwe*-saak par 19.
164 *Ex parte Porter* 2010 5 SA 546 (WCC) (hierna die *Porter*-saak).

egter duidelik gemaak dat die dokument wat in hardekopie geproduseer kan word die finale weergawe van die testateur se wense moet verteenwoordig, en dat dit nie bloot 'n templaat van die bedoelde testament kan wees nie.[165]

Wat die tweede vereiste, soos afgelei uit die bewoording van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*, betref, moet onderskeid getref word tussen die opstel van die dokument en die verlyding daarvan. Ter verduideliking hiervan kan die uitspraak in *Bekker v Naude*[166] bestudeer word. Die Hof het in die *Bekker*-saak beslis dat die dokument persoonlik deur die testateur opgestel moet word.[167] Soos in die *Bekker*-saak bevestig, skryf Abrie ea[168] dat daar in 'n mate 'n "persoonlike verhouding tussen die oorledene en die dokument moet wees". Dit beteken dat 'n dokument wat deur iemand anders as die testateur opgestel is, wat nie aan die formaliteitsvereistes voldoen nie, nie vir kondonasie vatbaar sal wees nie. 'n Soortgelyke beslissing is ook voorheen gemaak in *Webster v The Master* waar die hof van mening was dat instruksies aan 'n persoon om namens die testateur 'n testament op te stel buite die bewoording in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* val.[169] Sou die dokument opgestel word deur 'n ander persoon, op versoek van die testateur, sou dit vereis word dat ondertekening van die dokument ook moet plaasvind.[170] Knoetze[171] is eweneens van mening dat die howe persoonlike opstelling, sou daar geen ondertekening wees nie, as minimum vereiste moet vereis voordat 'n gebrekkige dokument gekondoneer kan word.

Die laaste vereiste, soos afgelei uit die bewoording van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*, is dat 'n duidelike bedoeling aan die kant van die testateur teenwoordig moet wees, dat die gebrekkige dokument sy of haar bedoelde testament moet verteenwoordig. In *Van Wetten v Bosch*[172] het die hof verduidelik dat daar nie ondersoek moet word wat die dokument beteken nie, maar dat die dokument se inhoud en die konteks daarvan, met inagneming van relevante omstandighede, gebruik

165 Die *Porter*-saak par 8.
166 *Bekker v Naude* 2003 5 SA 173 (HHA) (hierna die *Bekker*-saak).
167 Die *Bekker*-saak par 20.
168 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 58.
169 *Webster v The Master* 1996 1 SA 34 (D) (hierna die *Webster*-saak).
170 Sien die *Webster*-saak 41B.
171 Knoetze 2000 *TSAR* 387.
172 *Van Wetten v Bosch* 2004 1 SA 348 (HHA) (hierna die *Van Wetten*-saak).

moet word om die vraag te kan beantwoord of die testateur bedoel het dat daardie dokument sy wense moet verteenwoordig.[173] Die hof het dit in die *Van Wetten*-saak duidelik gemaak dat, as die woorde in die dokument die bedoeling daarstel dat die dokument die testateur se testament moet wees, dit so aanvaar kan word en dat die dokument vir doeleindes van die *Boedelwet* as 'n geldige testament aanvaar kan word.[174]

Die saak *Anderson and Wagner v The Master*[175] dra by tot die vasstelling van die bedoeling van die testateur deur aandag daarop te vestig dat die testament die finale bedoeling van die testateur kan verteenwoordig, as hierdie bedoeling nie onderhewig is aan moontlike verandering nie.[176] Die bedoeling van die testateur moet vasgestel word ten tye van die opstel van die testament.[177] Du Toit[178] is van mening dat getuies gebruik kan word om te getuig oor die omstandighede rondom die opstel van die dokument om te bepaal of die dokument die ware bedoeling van die testateur verteenwoordig.

'n Verdere vraag wat beantwoord moet word, is of 'n dokument wat aan geen vormvereistes voldoen nie, gekondoneer kan word. Die tipe nakoming wat die formaliteitsvereistes in artikel 2(1)(a) en (b) van die *Wet op Testamente* vereis, is bespreek in die saak *Horn v Horn*.[179] Die hof was van mening dat substansiële nakoming teenwoordig moet wees in terme van die formaliteitsvereistes en dat 'n blote poging tot voldoening nie genoegsame motivering sal wees vir 'n dokument om gekondoneer te word nie.[180] Teenstrydig met die beslissing in die *Horn*-saak het die hof in die *Back*-saak beslis dat daar geen aanduiding in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* bestaan dat aan al die formaliteitsvereistes voldoen moet word nie, of dat substansiële nakoming vereis word voordat 'n dokument gekondoneer kan word nie.[181]

---

173 Die *Van Wetten*-saak par 15.
174 Die *Van Wetten*-saak par 16.
175 *Anderson and Wagner v The Master* 1995 1 SA 199 (N) (hierna die *Anderson*-saak).
176 Die *Anderson*-saak 786A.
177 *Van Wetten*-saak par 21. Sien ook *De Reszke v Maras* 2004 1 SA 348 (HHA).
178 Du Toit 1996 *THRHR* 473.
179 *Horn v Horn* 1995 1 SA 48 (W) (hierna die *Horn*-saak).
180 Die *Horn* saak par 49.
181 Die *Back*-saak par 22.

Jamneck ea[182] is van mening dat daar wel aan sommige van die formaliteitsvereistes vir 'n formele geldige testament voldoen moet word, weens die bewoording van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*, en verduidelik verder dat ten minste ondertekening vereis kan word sodat die dokument "... as die wilsbeskikking van die testateur geïdentifiseer moet kan word ...". Dit lyk of Du Toit[183] hierdie standpunt van Jamneck ea kritiseer, deur sy mening dat getuies gebruik kan word om die bedoeling van die persoon wat die dokument opgestel het te bepaal, en dat daar weens hierdie rede nie noodwendig ondertekening vereis hoef te word nie. Soos hierbo bespreek, en in ooreenstemming met die *Webster*-saak, sal ondertekening net 'n vereiste vir die formele geldigheid van die testament wees indien 'n persoon nie self die dokument opgestel het nie. Indien 'n persoon egter self die dokument opgestel het, maar dit nie self onderteken het nie, sal daar in ooreenstemming met die *Bekker*-saak 'n moontlikheid bestaan vir hof om die gebrekkige dokument as testament vir doeleindes van die *Boedelwet* te aanvaar. Knoetze[184] ondersteun hierdie vereiste en is van mening dat 'n minimum vereiste van "persoonlike opstelling" verwag kan word in gevalle waar ondertekening deur die persoon wat bedoel het dat die dokument as sy testament moet dien, nie plaasgevind het nie. Na aanleiding van Jamneck ea, Du Toit en Knoetze se menings, kan afgelei word dat Du Toit en Knoetze in 'n breë opsig met Jamneck ea saamstem, maar dat hulle dit beklemtoon ter herinnering daaraan dat ondertekening net 'n vereiste vir kondonasie sal wees, indien die persoon nie self die dokument opgestel het nie.

### *3.3.3 Samevatting van artikel 2 (3) en verbandhoudende regspraak*

Na aanleiding van die bespreking hierbo kan beter verstaan word wat die drie vereistes, soos gestel in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*, vir die kondonering van 'n gebrekkige dokument is en ook wat hierdie vereistes behels. Dit is deurlopend duidelik dat daar 'n dokument moet wees, wat in hardekopie geproduseer kan word,

182 Jamneck 1994 *THRHR* 598.
183 Du Toit 1996 *THRHR* 473.
184 Knoetze 2000 *TSAR* 387.

wat opgestel of verly is deur 'n persoon en wat die finale ware bedoeling van die persoon moet verteenwoordig.[185]

Na aanleiding van uitsprake soos in die *Bekker-*, *Anderson-* en *Van Wetten-*sake is dit duidelik dat die bedoeling van die persoon wat 'n dokument opgestel het, deurgaans as primêre vereiste vir die kondonasie van so 'n gebrekkige dokument gebruik moet word. Hierdie drie vereistes, soos gesien in die vooraf bespreekte regspraak, moet as basis gebruik word wanneer die vraag gevra word tot watter mate die Meester se funksies uitgebrei kan word om ook voorsiening te maak vir die kondonasiebevoegdheid soos bedoel in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*.

### *3.4 Slotopmerkings*

Voordat kondonasie van 'n gebrekkige dokument deur die hof oorweeg kan word, moet eers bepaal word in watter opsig die bedoelde dokument formeel gebrekkig is. Die vereistes vir formele geldigheid word geformuleer in artikel 2(1)(a) van die *Wet op Testamente*. Indien 'n formele geldige testament gewysig word, kan 'n formele gebrek ook ontstaan en sal teenwoordig wees indien die wysigings nie aan artikel 2(1)(b) van die *Wet op Testamente* voldoen nie. Hierdie formaliteitsvereistes het tot verskeie probleme aanleiding gegee en verskillende outeurs, soos hierbo bespreek, is van mening dat hierdie formaliteitsvereistes kan lei tot onnodige beperking van die wense van die testateur. Met die inwerkingtrede van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* is baie van hierdie probleme uitgeskakel. Artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* verleen aan die Hoë Hof 'n bevoegdheid om hierdie formele gebrekke te kondoneer. Die hof kan dan, na aanhoor van getuies en argumente van die betrokke partye, wat die hof op 'n oorwig van waarskynlikheid moet oortuig, die Meester beveel om hierdie gebrekkige dokument as testament vir doeleindes van die *Boedelwet* te aanvaar. Voordat kondonering egter kan plaasvind, moet daar streng aan hierdie drie vereistes, soos afgelei uit die bewoording van artikel 2(3), voldoen word. Hierdie vereistes sal ook as belangrik geag word in die proses wat die Meester sou kon volg, indien die Meester self die bevoegdheid sou ontvang om eerder gebrekkige dokumente te kondoneer.

185 Sien ook De Waal en Schoeman-Malan *Law of Succession* 70.

## 4 'n Nuwe benadering tot artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*

Die Suid-Afrikaanse howe ervaar tans verskeie uitdagings, waarvan een van die mees vername waarskynlik oorvol hofrolle is. Wanneer aansoek gedoen word by die hof vir kondonering van 'n gebrekkige dokument, wat bedoel was om as testament te dien, dra dit net nog meer by tot 'n reeds bestaande probleem. Dit is daarom belangrik om die vraag te vra of die Meester se pligte nie eerder uitgebrei kan word nie om ook voorsiening te maak vir die kondonasiebevoegdheid, soos bedoel in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente.*

### *4.1 Die toepassing van die kondonasiebevoegdheid deur die Meester*

Voor die vraag beantwoord kan word of die Meester nie eerder die kondonasiebevoegdheid kan uitvoer nie, moet bepaal word of die Meester daartoe in staat sal wees, met inagneming van die werkslading van die Meester.

#### *4.1.1 Inleiding*

Soos reeds vasgestel in hoofstuk 2, het die Meester 'n groot aantal funksies wat verrig moet word. Die uitbreiding van die Meester se funksies om ook voorsiening te maak vir die kondonasiebevoegdheid, beteken dat die werkslas sal toeneem. In die reeds besige Meesterskantore is die uitvoering van die kondonasiebevoegdheid nie prakties uitvoerbaar nie, maar dit beteken slegs dat alternatiewe moontlikhede ondersoek moet word om vir hierdie swaarder werkslas voorsiening te maak. In reaksie op die bogenoemde kan die werking van artikel 2A van die *Boedelwet* ondersoek word.

#### *4.1.2 Artikel 2A van die Boedelwet*

Artikel 2A van die *Boedelwet* verleen aan die Minister die bevoegdheid om addisionele hulp of alternatiewe ondersteuning aan die Meester te verleen. Artikel 2A(1) lees soos volg:

> Die Minister kan poste op of bykomend tot die vaste diensstaat van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling aanwys vir doeleindes van hierdie artikel.[186]

---

[186] Artikel 2A(1) van die *Boedelwet.*

Hierdie subartikel gee 'n duidelike bevoegdheid aan die Minister om addisionele poste te skep waar dit nodig geag mag word. Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling dui aan dat die doel van artikel 2A van die *Boedelwet* is om meer van die Meesterskantoor se dienste aan die publiek beskikbaar te stel op plekke anders as die Meesterskantoor self.[187]

Ooreenkomstig artikel 103 van die *Boedelwet* is die Minister ook in staat daartoe om enige regulasies uit te reik in terme van "aangeleenthede wat ingevolge die wet voorgeskryf kan word".[188] Die Minister word ook gemagtig om enige regulasies voor te skryf wat hy nodig ag om te verseker dat die oogmerk en doel van die *Boedelwet* bereik word.[189]

Verder word in artikel 2A(2) van die *Boedelwet* ook gesien dat enige persoon wat in addisionele poste aangestel word, hul pligte moet uitvoer soos wat dit deur die Meester aan hulle gedelegeer word.[190] Subartikel 2 maak dit dan duidelik dat die Meester opdragte aan die persone aangestel in hierdie addisionele poste kan gee, en dat daardie persone steeds aan die leiding en beheer van die Meester onderhewig sal wees.[191]Artikel 2A(2) van die *Boedelwet* spesifiseer nie watter tipe pligte of verantwoordelikhede deur die Meester aan persone aangestel in hierdie addisionele poste gedelegeer kan word nie. Dit laat daarom ruimte vir die argument dat hierdie bykomende poste benut kan word om vir die swaarder werkslas voorsiening te maak wanneer die Meester se funksies uitgebrei word, om ook voorsiening te maak vir die uitoefening van die kondonasiebevoegdheid.

Artikel 2A(3) van die *Boedelwet* verleen verder aan die Minister die bevoegdheid om gebiede binne die Meester se jurisdiksiegebied aan te wys, wat sal dien as dienspunte, waar persone aangestel in die addisionele poste hul werk kan verrig. Die bewoording in subartikel 3 kan daarom op so 'n manier geïnterpreteer word, om aan die Minister die bevoegdheid te verleen om addisionele poste te skep wat spesifiek voorsiening sal maak vir die moontlike uitbreiding van die Meester se funksies met betrekking tot die

187 Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling *Office of the Master of the High Court* 6.
188 Artikel 103(f) van die *Boedelwet*.
189 Artikel 103(g) van die *Boedelwet*.
190 Artikel 2A(2) van die *Boedelwet.*
191 Artikel 2A(2) van die *Boedelwet.*

kondonasiebevoegdheid. Soos reeds vroeër in hoofstuk 2 aangetoon is, is alle landdroshowe in Suid-Afrika as addisionele dienspunte soos bedoel in artikel 2A(3) aangewys.[192]

Die huidige werking van artikel 2A(3) van die *Boedelwet*, waar voorsiening gemaak word vir landdroshowe om as addisionele dienspunte te dien, laat slegs toe vir die bereddering van intestate boedels ingevolge artikel 18(3) van die *Boedelwet*. Artikel 18(3) spesifiseer dat indien 'n boedel van klein waarde is, die Meester toestemming kan gee dat 'n eksekuteur nie aangestel word om toesig oor die bereddering van die boedel te hou nie.[193]

Die bewoording in artikel 2A van die *Boedelwet* in geheel stel egter geen beperking op die doel waarvoor die addisionele dienspunte of poste gebruik kan word nie. Gevolglik bestaan daar ruimte vir uitbreiding, spesifiek in terme van die huidige werking van artikel 2A(3) van die *Boedelwet.* Die argument kan gemaak word dat artikel 2A(3) van die *Boedelwet* benut kan word om vir die uitbreiding van die Meester se funksies, om ook gebrekkige dokumente te kan kondoneer, voorsiening te maak. Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling meen dat druk reeds op die Meesterskantoor bestaan om meer van hul eie personeel by die addisionele dienspunte te plaas.[194] Alhoewel die departement nie uitbrei oor watter tipe druk bestaan nie, kan afgelei word dat meer kundige persone benodig word, vir die uitvoering van die Meester se pligte, om toe te sien dat die Meester se verantwoordelikhede suksesvol in hierdie addisionele dienspunte afgehandel word. Hierdie toedeling van meer personeel deur die Meesterskantoor aan die addisionele dienspunte kan ook gebruik word om die kondonasiebevoegdheid deur die Meesterskantoor uit te voer.

Addisionele poste kan in die Meesterskantoor geskep word deur gebruik te maak van addisionele dienspunte om die verswaarde werkslas te versprei. Ooreenkomstig die *Administration of Estates Amendment Bill*, 2002, wat voorsiening gemaak het vir die

---

192 Artikel 2A(3) van die Boedelwet.
193 Artikel 18(3) van die *Boedelwet*. Vir hierdie artikel om toepassing te vind moet die waarde van die boedel kleiner wees as die bedrag soos bepaal deur die Minister van tyd tot tyd. Die huidige maksimum waarde wat 'n boedel kan wees vir artikel 18(3) om toepassing te vind, is R250 000. Sien ook Abrie ea *Bestorwe Boedels* 84, 87.
194 Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling *Office of the Master of the High Court* 8.

byvoeging van artikel 2A, is bevestig dat omstandighede van tyd tot tyd kan bestaan wat sal veroorsaak dat verandering in hierdie addisionele dienspunte sal moet plaasvind.[195] Die uitvoering van die kondonasiebevoegdheid deur die Meester kan as een van hierdie "omstandighede" beskou word wat 'n verandering aan die addisionele dienspunte kan meebring.

Verder kan dit ook voordelig wees om ondersoek in te stel na 'n afdeling wat in die Meesterskantoor geskep kan word met gespesialiseerde kennis in die kondonasie van gebrekkige dokumente ten einde hierdie spesifieke funksies te kan hanteer. Hierdie aspek sal later in afdeling 4.2 verder bespreek word.

Die Minister sal dus sy bevoegdhede ooreenkomstig artikel 2A, gelees met artikel 103 van die *Boedelwet*, kan gebruik om die funksies van die Meester uit te brei om ook voorsiening te maak vir die kondonasie van gebrekkige dokumente, wat bedoel is om as testament te dien. Die kondonasie van 'n gebrekkige dokument speel 'n direkte rol in die spoedige en effektiewe afhandeling van die boedel. Hierdie aspek is een van die oogmerke van die *Boedelwet* en daarom sal die Minister ooreenkomstig artikel 103 regulasies kan uitreik om vir die kondonasie van gebrekkige dokumente deur die Meester voorsiening te maak.

### *4.1.3 Samevatting*

Wanneer addisionele pligte of verantwoordelikhede aan die Meester toegedeel word, beteken dit outomaties dat die Meester se werkslas gaan verhoog. Artikel 2A van die *Boedelwet* bied 'n potensiële praktiese oplossing vir hierdie probleem. Die skep van addisionele poste om die Meester by te staan om nuwe bevoegdhede uit te voer beteken dat daar nie 'n nadelige impak sal wees op die manier waarop die Meester sy funksies sal verrig nie. Die instelling van hierdie addisionele poste sal daarvoor sorg dat die Meester steeds, soos wat vereis word, sy werk redelik, regverdig en in ooreenstemming met die reg, sal kan verrig.[196] Addisionele poste kan dus in elke regsgebied van die Meesterskantore geskep word om die kondonering van gebrekkige

---

[195] Artikel 1 van die *Boedelwysigingswet* 47 van 2002. Sien die memorandum oor die besware met betrekking tot die *Boedelwysigingswet* bladsy 4.

[196] Soos bespreek in afdeling 2.2.

testamente te hanteer. Die *Boedelwet* verleen 'n duidelike mag aan die Minister om toe te sien dat voldoende regulasies ingestel word  om te verseker dat effektiewe prosesse in plek sal wees wanneer hierdie funksie deur die Meester uitgevoer word.

## *4.2 Voorgestelde metode van toepassing op die kondonasiebevoegdheid deur die Meester*

### *4.2.1 Inleiding*

Voor die vraag of die Meester se funksies uitgebrei kan word om ook voorsiening te maak vir die kondonasiebevoegdheid verder ondersoek kan word, moet eers vasgestel word hoe die Meester hierdie funksie prakties sal kan verrig. Alhoewel die Minister regulasies en prosesse sal kan voorskryf, moet steeds bepaal word hoe hierdie potensiële proses sal lyk om te bepaal of dit 'n praktiese moontlikheid is.

Die oordra van die kondonasiebevoegdheid na die Meester sal vereis dat 'n praktiese proses ingestel moet word waarvolgens hierdie funksie verrig sal word,. Buiten vir die mosieprosedure wat deur howe gevolg word om gebrekkige dokumente te kondoneer, bestaan daar geen riglyn in die Suid-Afrikaanse reg wat as basis gebruik sou kon word vir wanneer die Meester se bevoegdheid moontlik uitgebrei sou word nie.[197] Dit is daarom belangrik om ondersoek in te stel na ander gebiede in die Suid-Afrikaanse reg en na die manier waarop hierdie regsvelde soortgelyke probleme hanteer.

'n Praktiese vergelyking kan getref word tussen die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens[198] en die Meester. Die vraag wat hier ondersoek word, gaan dus oor watter vergelykings getref kan word tussen die manier waarop die Kommissaris van die SAID sy pligte (ooreenkomstig die *Wet op Belastingadministrasie*) uitvoer  en die manier waarop die Meester moontlik die kondonasiebevoegdheid kan uitvoer Om hierdie vraag te beantwoord moet die relevante dele van die *Wet op Belastingadministrasie* bestudeer word en moet ontleed word of die werking van die *Wet op Belastingadministrasie* enige aanduiding kan gee van die manier waarop die Meester die kondonasiebevoegdheid kan uitvoer.

---

197 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 86.
198 Hierna SAID.

### *4.2.2 Die Wet op Belastingadministrasie*

Inwoners en nie-inwoners van Suid-Afrika, met inagneming van sekere beperkinge en vrystellings, is onderhewig aan die betaal van belasting.[199] In Suid-Afrika word verskillende soorte belasting betaal, insluitende inkomstebelasting, kapitaalwinsbelasting, belasting op geskenke, boedelbelasting ens.[200] Daar word na persone wat verantwoordelik is om belasting te betaal as belastingpligtiges verwys.[201] Na elke jaar van aanslag moet belastingpligtiges 'n opgawe by die SAID indien.[202] Die belastingpligtige ontvang dan 'n aanslag van die SAID wat die belastingaanspreeklikheid vir die jaar van aanslag sal aandui.[203] Dit gebeur op 'n gereelde basis dat belastingpligtiges ontevrede met hul aanslag is en om hierdie rede bied die *Wet op Belastingadministrasie* 'n uitkoms aan hierdie persone.[204]

'n Voorbeeld van 'n belastingpligtige wat met sy aanslag ontevrede was, kan gesien word in *Z v Commissioner for the South African Revenue Service*.[205] Die appellant het in 2015 'n opgawe, waarin hy mediese krediete van R103 358.62 gelys het, ingedien.[206] Die respondent (die SAID) het nie hierdie krediete toegestaan nie en die appellant het gevolglik daarteen beswaar bemaak.[207] Die beswaar is oorweeg en gedeeltelik deur die respondent toegestaan.[208] Die appellant was egter steeds ontevrede met die uitkoms en het daarna appèl aangeteken.[209] Die appèl is deur die belastingraad aangehoor, maar dié het die aanslag, waarteen geappelleer is, bevestig.[210] Steeds ontevrede met die uitkoms het die appellant die belastinghof genader om oor die uitkoms van sy aanslag te beslis.[211] Hierdie saak dien as goeie voorbeeld van die

---

199 Coetzee ea *'n Studentebenadering tot Inkomstebelasting* 2. Die verskillende beperkinge en vrystellings in terme van die Suid-Afrikaanse belastingreg gaan nie in hierdie skripsie bespreek word nie.
200 Coetzee ea *'n Studentebenadering tot Inkomstebelasting* 2.
201 Coetzee ea *'n Studentebenadering tot Inkomstebelasting* 34.
202 Coetzee ea *'n Studentebenadering tot Inkomstebelasting* 15.
203 Coetzee ea *'n Studentebenadering tot Inkomstebelasting* 26. Sien ook Stigling ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 1198.
204 Coetzee ea *'n Studentebenadering tot Inkomstebelasting* 26.
205 *Z v Commissioner for the South African Revenue Service* (IT4412)[2019] ZATC 13 (26 Augustus 2019) (hierna *Z v The Commissioner*).
206 *Z v The Commissioner* par 2.
207 *Z v The Commissioner* par 3.
208 *Z v The Commissioner* par 3.
209 *Z v The Commissioner* par 3.
210 *Z v The Commissioner* par 4.
211 *Z v The Commissioner* par 4.

geskilbeslegtingsprosedures wat gevolg moet word wanneer 'n belastingpligte met sy aanslag ontevrede is. Die prosedure, soos hierbo beskryf, word vervolgens teoreties bespreek.

Hoofstuk 9 van die *Wet op Belastingadministrasie* sit die geskilbeslegtingsprosedures uiteen wat deur belastingpligtiges wat deur hul aanslag benadeel voel of nie daarmee saamstem nie, gevolg kan word. Mthimunye[212] dui aan dat belastingwetgewing nog altyd voorsiening gemaak het vir belastingpligtiges om die akkuraatheid van hul aanslag te bevraagteken en dat die aanteken van 'n beswaar die eerste stap is wat belastingpligtiges kan volg indien hul nie met hul aanslag saamstem nie. Sekere reëls moet in die verloop van hierdie proses gevolg word. Stiglingh ea[213] dui aan dat die reëls en prosedures, soos voorgeskryf in die *Wet op Belastingadministrasie*, streng gevolg moet word. Artikel 103 van die *Wet op Belastingadministrasie* sit hierdie reëls vir geskilbeslegting uiteen en lees soos volg:

> Die Minister kan by openbare kennisgewing reëls maak wat die prosedures voorskryf wat gevolg moet word met die indiening van 'n beswaar en die aantekening van appèl teen 'n aanslag of beslissing, en die uitvoer en die verhoor van 'n appèl voor 'n belastingraad of belastinghof.[214]

Die artikel maak dus voorsiening vir die belastingpligtige om beswaar en ook appèl teen sy aanslag aan te teken.[215] Stigling ea[216] dui ook aan dat hierdie geskilbeslegtingsproses met betrekking tot beswaar- en appèlprosedures streng gevolg moet word voordat die Hoë Hof genader kan word.

---

212 Mthimunye *Analysis of the South African Tax Ombud* 14.
213 Stigling ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 1230.
Artikel 103(1) van die *Wet op Belastingadministrasie.* Die Minister na wie hier verwys word, is die Minister van Finansies. Wanneer daar verder na hierdie minister verwys word, sal die volle benaming gebruik word; die Minister van Finansies, tensy daar direk uit wet aangehaal word.
215 Sien ook Keulder 2013 *PER* 126.
216 Stigling ea SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 1230.

#### 4.2.2.1 Beswaar- en appèlprosedures

Beswaar word ooreenkomstig artikel 104 van die *Wet op Belastingadministrasie* gemagtig.[217] Die firma Price Waterhouse Cooper[218] dui aan dat beswaar die eerste stap in 'n formele geskilbeslegtingsproses is.

Verder sit artikel 106 van die *Wet op Belastingadministrasie* die proses uiteen wat deur die SAID gevolg moet word, wanneer 'n beslissing oor die beswaar gemaak moet word. Artikel 106 van die *Wet op Belastingadministrasie* vereis eerstens dat die SAID die korrekte prosedures moet volg, soos voorgeskryf deur die wet, wanneer 'n beswaar oorweeg word. Dit bepaal verder dat hulle die beswaar binne die voorgeskrewe tye moet oorweeg.[219] Die SAID word deur die *Wet op Belastingadministrasie* gemagtig om enige beswaar, nadat dit oorweeg is, toe te staan, hetsy in die geheel of gedeeltelik, of om die beswaar in geheel van die hand te wys.[220]

Nadat die SAID 'n besluit oor die beswaar geneem het, moet die belastingpligtige van die uitkoms daarvan in kennis gestel word.[221] Hierdie kennisgewing moet sekere aspekte bevat, onder andere die rede vir die besluit wat geneem is asook die prosedures wat deur die belastingpligte gevolg kan word om teen die besluit te appelleer.[222] Die *Wet op Belastingadministrasie* maak in artikel 107 daarvoor voorsiening dat 'n belastingpligtige teen die beslissing oor 'n beswaar na die belastingraad of belastinghof kan appelleer.[223]

---

217 Artikel 104(1) van die *Wet op Belastingadministrasie.* Sien ook Coetzee ea *'n Studentebenadering tot Inkomstebelasting* 26.

218 Price Waterhouse Cooper 2012 https://www.google.com/url?sa=t&rct=j&q=&esrc=s&source=web&cd=&cad=rja&uact=8&ved=2ahUKEwicsJXl1onsAhVbUhUIHbf3AkgQFjAKegQICBAB&url=https%3A%2F%2Fwww.pwc.co.za%2Fen%2Fassets%2Fpdf%2Ftax-law-review-nov-2012.pdf&usg=AOvVaw2nEei6SltH7XAiHAy8PD9Q

219 Artikel 106(1) van die *Wet op Belastingadministrasie.*

220 Artikel 106(2) van die *Wet op Belastingadministrasie.* Sien ook Coetzee ea *'n Studentebenadering tot Inkomstebelasting* 26, Stigling ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 1234 en Mthimunye *Analysis of the South African Tax Ombud* 16.

221 Artikel 106(4) van die *Wet op Belastingadministrasie*. Sien ook Stigling ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 1234.

222 Artikel 106(5) van die *Wet op Belastingadministrasie.* Sien ook Stigling ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* 1234.

223 Artikel 107(1) van die *Wet op Belastingadministrasie.*

#### 4.2.2.2 Toetssake

Die proses soos hierbo uiteengesit word normaalweg gevolg, maar in sekere omstandighede kan die SAID hierdie proses onderbreek. Die onderbreking van hierdie proses kan slegs plaasvind indien die SAID oortuig is dat die uitkoms van die spesifieke beswaar of appèl 'n positiewe invloed op 'n groot aantal besware of hangende appèlsake sal hê.[224] Artikel 106 van die *Wet op Belastingadministrasie* verleen aan die SAID die bevoegdheid om 'n beswaar of appèl, wat 'n groot aantal regsvrae of feitelike kwessies sal beantwoord, as toetssaak na die belastinghof te verwys.[225] Dit beteken dat die appèlle en besware waaroor beslissing gegee moet word, uitgestel sal word tot en met die wanneer 'n uitspraak oor die toetssaak gelewer word.[226]

Govind[227] wys daarop dat, sover dit besware en appèlle teen belastingpligtiges se aanslae aangaan, dit op 'n gereelde basis gebeur dat die feite en toepaslike wetgewende aspekte herhaal word. Sy skryf verder dat die herhaling van hierdie feite beteken dat die reg wat belastingpligtiges op 'n spoedige proses het, benadeel word en dat dit aanleiding tot onnodige verlies van tyd en hulpbronne gee, nie net vir die belastingpligtige nie, maar ook vir die SAID.[228]

Die verwysing van 'n beswaar of appèl na die belastinghof as 'n toetssaak beteken dat die SAID tot 'n mate in beheer bly van die uitkoms van alle aangetekende besware en appèlle, maar dat die hof kan verseker dat toekomstige beslissings, soos gemaak deur die SAID, steeds in lyn met die beginsels van die reg is. Daar kan geargumenteer word dat die SAID, met die toepassing van toetssake, onafhanklik van die hof besluite kan neem, maar dat die hof, sou dit nodig wees, steeds kan toets dat die onafhanklike uitoefening van besluite aan die nodige standaarde en veranderde moderne omstandighede voldoen. Govind[229] skryf ook dat daar 'n groot voordeel in die gebruik van toetssake lê, aangesien die uitkoms van so 'n toetssaak die SAID in 'n posisie plaas om hul reëls en regulasies te hersien ten einde te verseker dat 'n meer positiewe

---

224 Artikel 106(6) van die *Wet op Belastingadministrasie.*
225 Artikel 106(5)(a) van die *Wet op Belastingadministrasie.*
226 Artikel 106(5)(b) van die *Wet op Belastingadministrasie.*
227 Govind *The Test Case Mechanism: A potential weapon to ward off multiple attacks from SARS?* 5.
228 Govind *The Test Case Mechanism: A potential weapon to ward off multiple attacks from SARS?* 5.
229 Govind *The Test Case Mechanism: A potential weapon to ward off multiple attacks from SARS?* 6.

uitkoms vir die SAID in die toekoms bestaan. Price Waterhouse Cooper[230] meen egter dat die *Wet op Belastingadministrasie* nie aandui watter tipe sake as 'n toetssaak na die hof verwys kan word nie en dat daar om hierdie rede ruimte vir die SAID gelaat word om tot hul eie voordeel te kan kies watter sake as toetssake na die hof verwys word.

#### 4.2.2.3 Die belastingraad

Die *Wet op Belastingadministrasie* bied in artikel 108 verdere leiding wanneer ondersoek word hoe die Meester die kondonasiebevoegdheid prakties kan uitvoer. Artikel 108 maak voorsiening vir die instelling van 'n belastingraad. Artikel 108 lees soos volg:

> Die Minister kan by openbare kennisgewing-
> (a) 'n belastingraad of -rade instel vir gebiede wat die Minister goeddink ...[231]

Verder word in artikel 108 van die *Wet op Belastingadministrasie* gesien dat die doel van so 'n belastingraad is om appèlle, wat in terme van artikel 107 van die wet aangeteken word, aan te hoor.[232] Die Minister van Finansies is ook gemagtig om addisionele belastingrade in te stel sou die omstandighede dit vereis.[233] Mthimunye[234] skryf dat 'n groot motivering vir die instel van 'n belastingraad is om aandag te gee aan klagtes van belastingpligtiges oor die lang tyd wat dit howe geneem het om oor appèlle wat aangeteken is, te beslis.

Artikel 110 van die *Wet op Belastingadministrasie* sit die vereistes vir die samestelling van hierdie belastingraad uiteen. 'n Voorsitter, wat 'n advokaat of prokureur moet wees, word vereis en, sou die voorsitter dit as nodig beskou, 'n rekenmeester en verteenwoordiger van die handelsgemeenskap.[235] Artikel 111 van die *Wet op Belastingadministrasie* reguleer die aanstelling van die voorsitter. Voorsitters word

---

230 Price Waterhouse Cooper 2012 Price Waterhouse Cooper 2012 https://www.google.com/url?sa=t&rct=j&q=&esrc= s&source=web&cd=&cad=rja&uact=8&ved=2ahUKEwicsJXl1onsAhVbUhUIHbf3AkgQFjAKegQICBAB&url=https%3A%2F%2Fwww.pwc.co.za%2Fen%2Fassets%2Fpdf%2Ftax-law-review-nov-2012.pdf&usg=AOvVaw2nEei6SltH7XAiHAy8PD9Q

231 Artikel 108(1)(a) van die *Wet op Belastingadministrasie*.

232 Artikel 108(2) van die *Wet op Belastingadministrasie*.

233 Artikel 108(1)(b) van die *Wet op Belastingadministrasie*.

234 Mthimunye *Analysis of the South African Tax Ombud* 18.

235 Artikel 110(1)(a), (b)(i) en (b)(ii) van die *Wet op Belastingadministrasie*.

aangewys uit prokureurs en advokate wat aangestel is op 'n paneel.[236] Subartikels 2 tot 7 reguleer verder die ampstermyn, beëindiging en verwydering van voorsitters.[237]

Die belangrikste aspek wanneer dit by 'n belastingraad kom, is die prosedure wat deur hierdie raad gevolg moet word, wanneer hulle 'n appèl aanhoor. Hierdie prosedure word deur artikel 113 van die *Wet op Belastingadministrasie* voorgeskryf. Die prosedure word meestal deur die voorsitter vasgestel, maar die belangrikste is dat elke betrokke party se argumente aangehoor en oorweeg moet word.[238] Subartikel 5 vereis verder dat 'n senior amptenaar van die SAID by die verrigtinge teenwoordig moet wees.[239]

In die lig van bogenoemde bespreking sal daar gevolglik deur die Meester 'n proses vir die kondonering van gebrekkige dokumente uiteengesit word aan die hand van die proses wat in die *Wet op Belastingadministrasie* gevolg word.

### *4.3 Voorgestelde proses vir die uitvoering van die kondonasiebevoegdheid deur die Meester*

Wanneer 'n testament by die Meester ingedien word vir inspeksie en die Meester bevind dat daar 'n gebrek aan voldoening aan die formaliteitsvereistes teenwoordig is, is die vraag of dit vir die Meester moontlik sou wees om self die gebrekkige dokument te kondoneer in plaas daarvan om die taak in die hande van die howe te los. Soos reeds voorheen in afdeling 3.3 aangedui is, behels die kondonasiebevoegdheid soos uitgevoer deur die howe, 'n prosedure wat 'n lang en tydsame proses kan word. Dit vertraag die afhandeling van die beredderingsproses en daarom is dit noodsaaklik om na 'n meer praktiese oplossing te soek, wat steeds aan die wetgewende vereistes voldoen, maar meer effektief is.

236 Artikel 111(1) van die *Wet op Belastingadministrasie*.
237 Artikel 111(2) – (7) van die *Wet op Belastingadministrasie*.
238 Artikel 113(1) van die *Wet op Belastingadministrasie*.
239 Artikel 113(5) van die *Wet op Belastingadministrasie*.

Die Meester se amp is tans administratief van aard.[240] Die Meester beskik nie tans oor genoegsame personeel om 'n meer judisiële amp te beklee nie.[241] Abrie ea[242] meen dat sommige van die funksies wat die Meester wel uitvoer, soos die beslissings wat hy oor besware teen die likwidasie- en distribusierekening neem, regsprekend van aard is. Artikel 35(7) van die *Boedelwet* maak voorsiening daarvoor dat beswaar teen die likwidasie-en distribusierekening by die Meester ingedien kan word. Hierdie proses behels dat die Meester die beswaar aan die eksekuteur stuur en, nadat hy die eksekuteur se terugvoer oor die beswaar ontvang het, die beswaar in geheel, en met inagneming van die eksekuteur se kommentaar, oorweeg.[243]

Die Meester beskik dan oor 'n diskresie om die beswaar toe te staan indien hy van mening is dat die beswaar gegrond is.[244] Artikel 35(9) van die *Boedelwet* maak verder voorsiening daarvoor dat die Meester "na goeddunke enige ander opdrag in verband daarmee kan gee". Hierdie subartikel verwys na die Meester se bevoegdheid om enige opdrag in verband met die likwidasie- en distribusierekening aan die eksekuteur te gee, wat hy nodig mag ag nadat die beswaar oorweeg is. Hierdie proses gee 'n goeie voorbeeld van die Meester se funksies wat soms regsprekend van aard kan wees. Die uitvoering van die kondonasiebevoegdheid kan op 'n soortgelyke wyse bemagtig word deur die nodige wetgewende gevolge in ag te neem[245] en die uitvoering daarvan te hanteer in ooreenstemming met die proses waarop die Meester 'n beswaar teen die likwidasie- en distribusierekening hanteer.

Ten opsigte van die uitvoering van die kondonasiebevoegdheid deur die Meester is dit belangrik om die prosedure, soos uiteengesit in die *Wet op Belastingadministrasie*, in gedagte te hou. Die prosedures wat in die Meesterskantoor gevolg moet word, moet vir verskillende gevalle wanneer 'n kondonasie-aansoek voor die Meester gebring word, voorsiening maak. Hierdie gevalle kan insluit dat die aansoek om kondonasie nie deur ander belanghebbendes bestry/betwis word nie en ook gevalle waar die aansoek om

240 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 85, 87.
241 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 85.
242 Abrie ea *Bestorwe Boedels* 85-86.
243 Artikel 35(7)-(9) van die *Boedelwet*.
244 Artikel 35(9) van die *Boedelwet*.
245 Soos veranderinge aan die huidige werking van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* en die ontvang van meer regsprekende funksies deur die Meester wanneer dit kom by die kondonering van gebrekkige dokumente kom.

kondonasie geopponeer word. Verder moet die prosedures en stappe uiteengesit word wat gevolg moet word wanneer die Meester dan wel besluit om die gebrekkige dokument as testament vir doeleindes van die *Boedelwet* te aanvaar asook die stappe en ander geskilbeslegtingsprosedures sou die Meester besluit om nie die gebrekkige dokument as testament vir doeleindes van die *Boedelwet* te aanvaar nie. Hierdie aspekte sal hieronder verder bespreek word.

In lyn met beginsels soos geformuleer in die *Wet op Belastingadministrasie* moet 'n stap vir stap proses uiteengesit word oor hoe die kondonasieproses in die Meesterskantoor sal werk.

#### *4.3.1 Aanvanklike aansoek om kondonasie*

Wanneer die testament vir inspeksie by die Meester ingedien word, en die Meester bepaal dat die testament formeel gebrekkig is, kan die Meester die partye hieroor inlig en ook vir hul die prosedure wat hul daarvandaan kan volg uiteensit. Hierdie prosedure sal begin deur enige belanghebbende party die opsie te gee om vir kondonering van die formele gebrek aansoek te doen. Hierdie aansoek sal behels dat voorgeskrewe dokumentasie voltooi moet word en dat, daarby aangeheg, enige ondersteunende materiaal ingedien moet word. Hierdie ondersteunende materiaal kan beëdigde verklarings van getuies insluit, wat op papier kan getuig oor die omstandighede waaronder die persoon die dokument opgestel het asook omstandighede wat daarop kan dui dat die dokument bedoel was om die persoon se testament te verteenwoordig.[246]

Wanneer al hierdie dokumentasie dan ontvang word, kan die Meesterskantoor die saak, soos wat dit op papier uitgelê word, oorweeg. Terugvoer oor die uitkoms van die kondonasie-aansoek moet binne 'n redelike tyd aan die partye gegee word. Saam met hierdie uitkoms moet die opsies, wat verder aan die partye beskikbaar is met betrekking tot die kondonering van die gebrekkige dokument uiteengesit word. Indien enige van die partye ontevrede is met die uitkoms, kan hulle die prosedure volg wat die Meester vir hul saam met die uitkoms uiteengesit het. Die partye sal eerstens

[246] Enige ondersteunende dokumentasie sou ingedien kan word wat die Meester kan oortuig van die vereistes soos gestel in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*.

geregtig daarop wees om redes vir die Meester se besluit aan te vra. Na bestudering van die redes behels die bedoelde proses 'n beswaar- en appèlprosedure, soortgelyk aan artikel 104 en artikel 107 van die *Wet op Belastingadministrasie.*

### *4.3.2 Beswaar teen die uitkoms van die aanvanklike aansoek om kondonasie*

Die party wat ontevrede is met die besluit van die Meester ten opsigte van die uitkoms van die aansoek om kondonasie, moet beswaar daarteen kan aanteken. Die moontlikheid om 'n raad in te stel, soortgelyk aan die belastingraad, moet dus ondersoek word om die vraag te kan beantwoord oor die proses wat gevolg moet word wanneer daar beswaar teen die uitkoms van die Meester se besluit oor die aansoek om kondonasie aangeteken wil word. Daar kan geargumenteer word dat die Minister sy bevoegdheid ooreenkomstig artikel 2A van die *Boedelwet*, saamgelees met artikel 103 van die *Boedelwet*, kan gebruik om addisionele dienspunte of poste binne die bestaande Meesterskantoor te skep. Hierdie addisionele poste kan op so 'n manier geskep word om voorsiening te maak vir die werking van 'n gespesialiseerde raad wat spesifiek sal fokus op die kondonasie van gebrekkige dokumente.

Die instel van so 'n gespesialiseerde raad sal verseker dat 'n meer spoedige proses in plek gestel is om gebrekkige dokumente te kan kondoneer en sal voorkom dat bereddering van boedels onnodig vertraag word. Deur aan die Meester die bevoegdheid te verleen om gebrekkige dokumente deur middel van 'n gespesialiseerde raad te kondoneer, kan die proses vinniger afgehandel word. Dit laat alle persone wat 'n belang in die boedel het, toe om 'n proses buite die howe te volg asook om die tydsame proses wat daarmee saamgaan, te vermy.

Wetgewing en regulasies moet geskep word om voorsiening te maak vir die samestelling van hierdie gespesialiseerde raad. Die implementering van 'n hoofpersoon, soos 'n voorsitter, wat 'n kundige op die gebied van kondonering van gebrekkige dokumente is, sal die belangrikste vereiste vir die samestelling van so 'n raad wees. Meintjes-Van der Walt[247] meen 'n persoon is 'n kundige indien hy of sy oor die kennis en ander vaardighede besit waaroor die leek nie beskik nie. Hierdie kundige

[247] Meintjes-Van der Walt 2003 *JSTOR* 90.


persoon sal, soos die voorsitter in 'n belastingraad, in beheer wees van die proses wanneer 'n aansoek vir die kondonasie van 'n gebrekkige dokument oorweeg word. Die persoon sal moet verseker dat alle argumente vir en teen kondonasie aangehoor word en dat 'n regverdige uitkoms bereik word.

'n Vereiste kan ook gestel word dat die voorsitter bygestaan word deur 'n ervare regspraktisyn en of 'n persoon wat gespesialiseerde kennis in die opstel van testamente het. Ooreenkomstig die vereiste in artikel 113(5) van die *Wet op Belastingadministrasie* kan vereis word dat die voorsitter van die gespesialiseerde raad, wat aansoeke om kondonasie van gebrekkige dokument behartig, deur een of meer assessore ondersteun word.

### *4.3.3 Appèlprosedures na die uitkoms op die beswaar teen aanvanklike aansoek om kondonasie*

Die uitkoms van hierdie beswaar moet ook aan appèl onderhewig wees. Wanneer 'n party ontevrede is met die uitkoms van die beswaar is, moet die party daarteen kan appelleer. Hierdie proses kan gevolglik 'n meer omvattende prosedure behels. Hierdie prosedure kan dan die aanhoor van mondelinge getuies en die indiening van ander ondersteunende dokumente behels, soortgelyk aan die huidige prosedure wat tans deur die howe gebruik word. Die ontevrede party sal gevolglik appèl moet kan aanteken na die Hoë Hof.

Die stappe in die voorgestelde kondoneringsproses, wat in lyn met die bespreking hierbo deur die Meesterskantoor uitgevoer kan word, word hieronder geïllustreer:


Die testament word by die Meester ingedien vir inspeksie.
Die Meester aanvaar die testament.
Die Meester verwerp die testament weens 'n formele gebrek.
Aansoek om kondonering van die formele gebrek word ingedien by die Meester en deur die Meester op papier oorweeg.
Die Meester kondoneer die formele gebrek en aanvaar die dokument as testament vir doeleindes van die *Boedelwet*.
Die Meester besluit om nie die formele gebrek te kondoneer nie.
In 'n geopponeerde aansoek teken die ontevrede party bewaar aan na die gespesialiseerde raad.
Beswaar word aangeteken na die gespesialiseerde raad.
Die beswaar word toegestaan deur die gespesialiseerde raad en die dokument word as testament vir doeleindes van die *Boedelwet* aanvaar.
Die gespesialiseerde raad besluit om nie die formele gebrek te kondoneer nie.
Die gespesialiseerde raad bevestig die Meester se besluit.
Appèl word aangeteken na die Hoë Hof.
In 'n geopponeerde aansoek teken die ontevrede party appèl aan na die Hoë Hof.

*4.3.4 Toetssake in die kondonasieproses*

Die vraag word vervolgens gevra of die Meester, in die uitoefening van die voorgestelde kondonasieproses, ook gebruik kan maak van toetssake, soos bedoel deur die *Wet op Belastingadministrasie* in artikel 106(6). Wanneer duidelike riglyne in hierdie verband uiteengesit word, kan kritiek soos ingebring deur Price Waterhouse Cooper, naamlik dat die SAID net sake tot hul eie voordeel na die hof verwys, vermy word.[248] Die voorgestelde gespesialiseerde raad moet, indien verskeie besware met soortgelyke feite voor die raad hangend is, of, indien hulle oortuig is dat die uitkoms van 'n toetssaak tot die oplossing van 'n groot aantal besware sal bydra, 'n saak as toetssaak na die hof kan verwys.

Die moontlikheid vir die Meester om die kondonasiebevoegdheid uit te voer op 'n soortgelyke wyse as die Kommissaris van die SAID, wanneer dit by toetssake van besware en appèlle kom, blyk positief te wees. Op hierdie manier bly die Meester in beheer oor 'n groter deel van die beredderingsproses wanneer dit by testate erfreg kom. Die Meester kan gebrekkige dokumente deur middel van die Meesterskantoor se eie proses kondoneer en, wanneer dit nodig sou wees, kan die Meesterskantoor deur middel van die gespesialiseerde raad die kondonasie as toetssaak na die hof verwys. Op hierdie wyse kan die Meester verseker dat die proses in die Meesterskantoor steeds in lyn met die beginsels van die reg is en dat die kondonasie van gebrekkige dokumente tred hou met moderne omstandighede in 'n vinnig veranderende samelewing.

Dit sal belangrik wees om duidelike regulasies oor die vereistes en prosedures van toetssake uit te reik of in plek te stel,. Die heel eerste aspek wat duidelik gestel sal moet word, is watter tipe sake of besware oor 'n kondonasiebeslissing deur die gespesialiseerde raad as toetssaak na die hof verwys kan word. In hierdie opsig moet bepaal word watter tipe formele gebrek die dokument bevat. Dit behels dat die formaliteitsvereistes in artikel 2(1)(a) en (b) van die *Wet op Testamente* bestudeer word. Ter voorbeeld: 'n Dokument bestaan uit twee bladsye en is opgestel en onderteken deur 'n persoon wat sedertdien oorlede is. Die getuies was egter nie teenwoordig ten tye van die ondertekening nie en het ook nooit self die testament

248 Sien die bespreking in afdeling 4.3


onderteken nie. Indien 'n dispuut dan oor die bedoeling van die persoon bestaan, naamlik of die dokument as sy testament moes dien, sal dit 'n eenvoudiger vraag wees wat waarskynlik deur die gespesialiseerde raad hanteer kon word. Wanneer 'n meer gekompliseerde saak na vore kom, soos dat die dokument deur iemand anders as die persoon wat sedertdien oorlede is, opgestel is en dat die dokument uit 10 of meer bladsye bestaan en dit nooit deur die testateur of getuies onderteken is nie, sal hierdie tipe saak vatbaar wees om as toetssaak na die hof verwys te word . Dit sal ook net die geval wees indien daar nie reeds gesag bestaan wat die posisie duidelik uiteensit nie. Die laasgenoemde voorbeeld bevat meer gekompliseerde vrae wat beantwoord moet word. Om te verseker dat die Meesterskantoor in die toekoms die regte besluit oor so 'n tipe geval maak, sal hierdie tipe saak eerder as 'n toetssaak na die hof verwys kan word.

Net soos in die geval van artikel 106(6) van die *Wet op Belastingadministrasie* kan die gespesialiseerde raad, wanneer dit met 'n besonderse situasie in terme van 'n beswaar op die uitkoms van 'n kondonasieaansoek gekonfronteer word, die beswaar as toetssaak na die hof verwys. Dit kan gebeur as die raad onseker is oor 'n definitiewe beslissing, soos wanneer 'n onbekende situasie na vore kom waaroor daar nog nooit in die verlede beslis is nie, soos in die tweede voorbeeld hierbo. Indien die gespesialiseerde raad van mening is dat die uitkoms van 'n toetssaak ook tot 'n beslissing sal lei in 'n groot hoeveelheid ander besware met betrekking tot die uitkoms van 'n kondonasieaansoek, kan die spesifieke aansoek ook na die hof verwys word as toetssaak. Dit sal dan by implikasie beteken dat alle besware met betrekking tot die uitkoms van 'n kondonasieaansoek, wat op die toetssaak betrekking het, tot en met die uitkoms van die toetssaak gestaak sal word.

Deurdat die Meesterskantoor of die gespesialiseerde raad 'n beswaar oor die uitkoms van 'n kondonasieaansoek na die hof kan verwys as toetssaak, kan verseker word dat wanneer die Meester die bevoegdheid ontvang om gebrekkige dokumente te kondoneer, geen persoon wat 'n belang in die boedel het se reg op 'n spoedige proses belemmer word nie. Toetssake sal die Meester in staat stel om, wanneer die uitkomste van toetssake beskikbaar gemaak word, die regulasies in die Meesterskantoor te hersien om te verseker dat 'n meer voordelige proses in die toekoms vir

belanghebbendes by die boedel beskikbaar is. Hierdie regulasies kan uitgereik word deur gebruik te maak van voorskrifte, soos uitgereik deur die Hoofmeester. Hierdie konsep word verder in afdeling 4.4 bespreek.

Met inagneming van die moontlike bestaan van toetssake word die stappe in die voorgestelde kondoneringsproses wat deur die Meesterskantoor uitgevoer kan word in lyn met die bespreking hierbo hieronder geïllustreer:


Die testament word by die Meester ingedien vir inspeksie.
Die Meester aanvaar die testament.
Die Meester verwerp die testament weens 'n formele gebrek.
Aansoek om kondonering van die formele gebrek word ingedien by die Meester en deur die Meester op papier oorweeg.
Die Meester kondoneer die formele gebrek en aanvaar die dokument as testament vir doeleindes van die *Boedelwet*.
Die Meester besluit om nie die formele gebrek te kondoneer nie.
In 'n geopponeerde aansoek teken die ontevrede party bewaar aan na die gespesialiseerde raad.
Beswaar word aangeteken na die gespesialiseerde raad.
Die beswaar word toegestaan deur die gespesialiseerde raad en die dokument word as testament vir doeleindes van die *Boedelwet* aanvaar.
Weens bestaande besware, met soortgelyke feite as die betrokke saak, verwys die gespesialiseerde raad die beswaar as toetssaak na die Hof.
Weens bestaande besware, met soortgelyke feite as die betrokke saak, verwys die gespesialiseerde raad die beswaar as toetssaak na die Hof.
Uitkoms van die toetssaak bepaal of die formele gebrek gekondoneer kan word of nie.

### *4.3.5 Die besluit om te kondoneer, al dan nie*

Kondonasie van 'n gebrekkige dokument deur die Meester moet steeds onderhewig wees aan die vereistes en beginsels soos reeds uiteengesit en vasgestel in wetgewing en vorige presedente. Die werking en vereistes, soos gestel in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*, moet as die belangrikste uitgangspunt gebruik word wanneer die Meester die kondonasiebevoegdheid uitvoer. Sou die Meester se funksies uitgebrei kan word om ook voorsiening te maak vir die kondonasiebevoegdheid, sal die wetgewer veranderinge aan die *Wet op Testamente* moet maak, spesifiek aan die bewoording van artikel 2(3). Hierdie veranderinge kan op verskeie wyses geïmplementeer word en een voorgestelde metode is deur gebruik te maak van 'n voorskrif, soos uitgereik deur die Hoofmeester. Hierdie aspek word volledig bespreek in afdeling 4.4.

Die belangrikste vereistes in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* sal steeds deur die Meester as basis gebruik moet word, wanneer gebrekkige dokumente gekondoneer word. Die vereistes is soos volg saamgevat: daar moet 'n dokument wees, die dokument moet opgestel gewees het deur 'n persoon wat na opstelling van die dokument oorlede is en daar moet 'n duidelike bedoeling wees dat die oorlede persoon die dokument as sy of haar testament wou nalaat.[249]

Die presedente wat reeds deur die howe neergelê is, moet streng deur die Meester nagevolg word en kan as vertrekpunt gebruik word, wanneer nuwe regulasies of wetgewing deur wetgewers en die Minister in samewerking met die Meester uitgereik word.

Soos in die *MacDonald- en Van der Merwe*-sake[250] moet die dokument, voordat die Meester dit kan kondoneer, ongeag van die formele gebrek, in harde kopie beskikbaar gemaak kan word.[251] Sou die dokument nie in harde kopie vorm geproduseer kan word nie, kan die Meester nie die gebrekkige dokument kondoneer nie. Gevallestudie 1, soos genoem in afdeling 1.3, kan in hierdie geval as voorbeeld dien. Indien A sy testament op sy rekenaar opgestel het en dit daarop stoor, sal die dokument na A se dood in

249 Artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*. Sien ook Abrie ea *Bestorwe Boedels* 57 en Papadopoulos 2012 *SA Merc LJ* 94.
250 Sien die bespreking in afdeling 3.3.2.
251 Die *MacDonald*-saak par 73B en die *Van der Merwe*-saak par 3.

harde kopie geproduseer kan word, wat beteken dat kondonasie moontlik sal wees. Dit beteken nie noodwendig dat kondonasie suksesvol sal wees nie.

Die Meester sal gevolglik ook nie 'n gebrekkige dokument kan kondoneer indien die dokument in 'n verbruikbare of vernietigbare vorm weergegee is nie, aangesien die dokument vir doeleindes van die *Wet op Testamente* nie in harde kopie beskikbaar gestel kan word nie. Gevallestudie 2, soos genoem in afdeling 1.3, demonstreer 'n tipiese situasie waar 'n verbruikbare of vernietigbare vorm gebruik word. A en B is goeie vriende. A, in 'n gesprek met B, sê vir B dat indien hy die dag sou sterf, hy al sy besittings aan B bemaak. Jare later sterf A en B dring daarop aan dat hy die enigste erfgenaam in A se boedel is, weens hul mondelinge gesprek. Hierdie mondelinge gesprek is nie in 'n harde kopie produseerbaar nie en sal gevolglik nie, vir doeleindes van die *Boedelwet*, as 'n testament aanvaar kan word nie.

Die spesifieke gebrek aan voldoening aan die formaliteitsvereistes moet ook in ag geneem word, saam met alle relevante omstandighede, wanneer die Meester kondonasie van 'n gebrekkige dokument oorweeg. Uit gevallestudie 1 wat hierbo bespreek is, blyk dit dat indien A weens sy afsterwe nie sy testament kon onderteken nie, maar die Meester, deurdat die bewyse soos ingedien deur die betrokke partye op 'n oorwig van waarskynlikheid daarop dui, met sekerheid kan bepaal dat die dokument wel bedoel was om sy testament te verteenwoordig, kan die Meester die gebrekkige dokument kondoneer.

Vereistes soos uiteengesit in die *Bekker*-saak[252] is ook belangrik om te volg. 'n Gebrekkige dokument kan gekondoneer word indien die oorlede persoon self die dokument opgestel het.[253] Kondonasie is nie moontlik as 'n dokument deur iemand anders opgestel is, en glad nie deur die testateur onderteken is nie. Gevallestudie 3, soos genoem in afdeling 1.3, kan hier as voorbeeld dien. A bel sy prokureur om vir hom opdrag te gee om 'n testament namens hom op te stel. Die prokureur neem telefoniese instruksies en stel 'n testament op, maar voordat A die dokument kon onderteken, is hy oorlede. A het in hierdie geval nie sy testament persoonlik opgestel

---

252 Sien die bespreking in afdeling 3.3.2.
253 Die *Bekker*-saak par 20.

nie. Alhoewel hy telefoniese instruksies daarvoor gegee het, bestaan daar geen bewys dat die bedoelde dokument die ware bedoeling van A weergee nie. Indien A dus vir sy prokureur vra om 'n testament op te stel, maar A sterf voordat hy die dokument kan onderteken, sal die Meester nie die gebrekkige dokument kan kondoneer nie, weens die gebrek aan persoonlike betrokkenheid.

Die Meester moet ook, soos beslis in die *Anderson*-saak,[254] oortuig wees dat die bedoelde dokument die finale bedoeling van die testateur verteenwoordig.[255] Indien 'n persoon 'n dokument opstel met die doel dat dit sy testament moet verteenwoordig, maar die dokument blyk by inspeksie onvolledig te wees, kan die Meester duidelik vasstel dat die dokument nie die finale bedoeling van die testateur verteenwoordig nie, en sal die gebrekkige dokument nie deur die Meester gekondoneer kan word nie. Gevallestudie 4, soos genoem in afdeling 1.3, kan hier ter voorbeeld gebruik word. Indien A begin om sy testament op sy rekenaar op te stel, maar onderbreek word deur kragonderbrekings en slegs sekere gedeeltes van sy testament gestoor is, sal daardie dele wat gestoor is, nie deur die Meester gekondoneer kan word nie. Die rede hiervoor is die feit dat die bedoelde dokument onvolledig is en dit moeilik bewys sal kan word dat 'n onvolledige dokument die finale bedoeling van die persoon verteenwoordig.

Al hierdie vereistes soos uiteengesit in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* asook regspraak moet deurlopend as riglyn gebruik word in die uitoefening van die kondonasiebevoegdheid deur die Meester. Die mening van Schoeman-Malan ea[256] dat uitdagings steeds bestaan wanneer dit kom by die kondonasie van gebrekkige dokumente, sal steeds relevant bly en op gelet moet word, sou die Meester hierdie funksie verrig. Die riglyne wat reeds in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* en regspraak vasgestel is, moet streng gevolg word om 'n meer effektiewe proses om gebrekkige dokumente te kondoneer daar te stel.

---

254 Sien die bespreking in afdeling 3.3.2.
255 Die *Anderson*-saak 786A.
256 Schoeman-Malan ea "Section 2(3) of the *Wills Act* 7 of 1953: a retrospective and critical appraisal of some unresolved issues" 95.

### *4.4 Die voorskrifte, soos uitgereik deur die Hoofmeester*

Addisioneel tot veranderinge wat aan artikel 2(3) aangebring moet word, en regulasies wat deur die Minister in terme van artikel 118 van die *Boedelwet* uitgereik kan word, wanneer die Meester die bevoegdheid kry om gebrekkige testamente te kondoneer, moet ook die gebruik van die voorskrifte, soos uitgereik deur die Hoofmeester, ontleed word om hierdie aangeleentheid te reguleer.

Die voorskrifte, soos uitgereik deur die Hoofmeester, word uitgereik en bemagtig deur artikel 3 van die *Judicial Matters Amendment Act* 22 van 2005. Hierdie artikel vereis dat die Hoofmeester beheer en leiding oor al die Meesters moet uitoefen. Hierdie wysigingswet het bygedra tot die toevoeging van artikel 1 van die *Boedelwet*, wat in subartikel (b)(iii) dieselfde bepaal. Die voorskrifte, soos uitgereik deur die Hoofmeester, bevat individuele aspekte waaroor die Hoofmeester wil hê daar eenvormige uitoefening moet wees. Dit sluit onder andere in die verkoop van onroerende eiendom in 'n artikel 18(3)-boedel,[257] die betaling van fooie wat verskuldig is aan die Meester,[258] aangeleenthede rakende trusts[259] asook die heel nuutste voorskrif wat aangeleenthede rakende die advertensies oor bestorwe boedels reguleer.[260]

Elke voorskrif word gevolglik uitgereik vir 'n spesifieke kwessie waarmee gehandel word. Hierdie kwessies sluit verder die verwydering van die eksekuteur uit sy amp in,[261] sake wat te make het met trusts,[262] sake rakende die Meester se verantwoordelikhede wanneer dit kom by die voogdyfonds[263] ens.

Ooreenkomstig verskeie van die voorskrifte, soos uitgereik deur die Hoofmeester, is die doel van die voorskrifte om alle persone wat die amp van Meester beklee, te lei in die uitoefening van hul take en verantwoordelikhede.[264] Deur gebruik te maak van die

---

257 Chief Master *Chief Master's Directive* 4 van 2009.
258 Chief Master *Chief Master's Directive* 1 van 2012.
259 Chief Master *Chief Master's Directive* 2 van 2017.
260 Chief Master *Chief Master's Directive* 1 van 2020.
261 Chief Master *Chief Master' Directive* 4 van 2015 1.
262 Chief Master *Chief Master' Directive* 2 van 2017 1.
263 Chief Master *Chief Master' Directive* 2 van 2017 1.
264 Chief Master *Chief Master's Directive* 3 van 2006 1. Sien ook Chief Master *Chief Masters Directive* 2 van 2015 1 en Chief Master *Chief Master' Directive* 2 van 2017 1.

voorskrifte kan verseker word dat alle funksies wat deur die Meesterskantoor uitgevoer word, eenvormig plaasvind. Terselfdertyd is daar regulasies in plek om te verseker dat persone wat in die Meesterskantoor werksaam is, nie hul bevoegdhede oorskry nie.

Hierdie voorskrifte kan ook gebruik word om eenvormige reëls en regulasies te formuleer wat die proses moet uiteensit wat deur die Meester gevolg moet word, wanneer die kondonasie van gebrekkige testamente oorweg word. Hierdie proses verwys na die proses wat die Meester moet volg soos voorgestel in afdeling 4.3.

Die voorskrifte, soos uitgereik deur die Hoofmeester, kan verder gebruik word om die eenvormige hantering van 'n beswaar, nadat dit as toetssaak na die hof verwys is, te verseker. Soos bespreek in afdeling 4.3, sal die Hoofmeester, nadat die uitkoms van 'n toetssaak beskikbaar is, 'n voorskrif kan uitreik om enige verdere sake wat op die spesifieke aangeleentheid betrekking het, te reguleer. Dit sal daartoe lei dat enige beswaar teen die besluit van die Meester of die gespesialiseerde raad, rakende 'n kondonasie-aansoek wat in die toekoms geneem word, op 'n soortgelyke wyse hanteer sal word.

Gebaseer op die bespreking hierbo behoort die Hoofmeester gevolglik die voorskrifte op so 'n wyse te kan aanwend om ook voorsiening te maak vir regulasies en prosedures, wanneer dit kom by die kondonering van gebrekkige dokumente, wat bedoel is om as testament te dien.

### ***4.5 'n Ombud vir die Meester***

Die instel van 'n Ombud vir die Meester kan in verskeie opsigte voordelig wees, onder andere by die inwerkingstelling van 'n meer effektiewe proses om die bereddering van bestorwe boedels af te handel, asook in die verligting van oorvol hofrolle. Dit is nie altyd effektief om dispute deur middel van litigasieprosedures voor die hof te bring nie, aangesien dit 'n lang en duur proses kan wees.[265] Wanneer konfliksituasies tydens litigasieprosedures, wat met die Meester verband hou, voorkom – soos die voorgestelde proses vir kondonering van gebrekkige dokumente as testamente deur

265 Outeur onbekend 2020 https://www.lawforall.co.za/consumer-rights/ombudsman-schemes-in-south-africa/

die Meester – kan dit eerder deur 'n Ombud in daardie gebied hanteer word. Dit sal verseker dat gespesialiseerde kennis toegepas word op alle dispuutsituasies wat normaalweg deur die howe hanteer sou moes word.

'n Ombud hanteer hoofsaaklik klagtes wat deur individue oor 'n spesifieke organisasie ingedien word.[266] Besluite wat deur 'n Ombud geneem word, dra effektief by tot die oplossing nie net van die saak voor hom of haar nie, maar dit kan ook bydra tot die oplossing van ander sake met soortgelyke feite.[267] Hierdie besluit van die Ombud word geneem gebaseer op die feite wat voor hom of haar uitgelê is.[268] Die voordeel van 'n Ombud is dat so 'n persoon totaal onafhanklik optree.[269]

Calitz en Boraine[270] meen dat 'n Ombud vir die Meester spesifiek daargestel kan word om aan die Meesterskantoor bystand te verleen. Calitz en Boraine[271] argumenteer verder dat so 'n Ombud sal bydra tot die onafhanklike, effektiewe en regverdige hantering van klagtes oor die Meester. Hierdie konsep kan uitgebrei word om voorsiening te maak vir alternatiewe opsies aan belanghebbendes, wanneer die Meester besluit om nie 'n gebrekkige dokument te kondoneer nie. Die voorgestelde Ombud vir die Meester hoef daarom nie net, soos gestel deur Calitz en Boraine, te gaan oor "klagtes" nie, maar kan ook uitgebrei word om ander dispuutsituasies te hanteer. Calitz en Boraine[272] argumenteer self dat die Ombud vir die Meester gebruik kan word om probleme met die regstelsel, waarbinne die Ombud sal werk, uit te lig. Hulle voer verder aan dat die voorgestelde Ombud vir die Meester enige aspek wat met die Meester se funksies verband hou, kan hanteer.[273] Dit blyk dus dat Calitz en Boraine die argument ondersteun dat die voorgestelde Ombud vir die Meester ook ander probleme, wat met die Meester verband hou, kan hanteer, soos die hantering


266 Outeur onbekend 2020 https://www.lawforall.co.za/consumer-rights/ombudsman-schemes-in-south-africa/
267 Outeur onbekend 2020 https://www.lawforall.co.za/consumer-rights/ombudsman-schemes-in-south-africa/
268 Calitz en Boraine 2005 *TSAR* 742.
269 Calitz en Boraine 2005 *TSAR* 742.
270 Calitz en Boraine 2005 *TSAR* 741.
271 Calitz en Boraine 2005 *TSAR* 741-742.
272 Calitz en Boraine 2005 *TSAR* 742.
273 Calitz en Boraine 2005 *TSAR* 742.

van die kondonering van gebrekkige dokumente as die alternatief tot die formele geskilbeslegtingsprosedures, naamlik beswaar en appèl.

Die instel van 'n Ombud vir die Meester sal as goeie alternatief dien vir die duur en tydsame kondonasieproses wat tans deur die howe uitgevoer word.[274] Calitz en Boraine[275] beklemtoon wel dat die doel van die voorgestelde Ombud nie sal wees om die besluite van die Meester te vervang of oor te neem nie, maar eerder om te verseker dat die Meester in ooreenstemming met die reg optree. Wanneer die voorgestelde Ombud vir die Meester as alternatief tot 'n beswaar- of appèlprosedure gebruik kan word, laat dit geleentheid vir belanghebbendes in die kondonasieproses vir 'n goedkoper proses.

Die voorgestelde Ombud vir die Meester sal daarom suksesvol kan bydra tot 'n effektiewe beredderingsproses. Deur die instel van 'n Ombud in ag te neem, word die voorgestelde proses vir kondonering van formele gebreke soos volg geïllustreer:

274 Calitz en Boraine 2005 *TSAR* 742.
275 Calitz en Boraine 2005 *TSAR* 742.


Die testament word by die Meester ingedien vir inspeksie.
Die Meester aanvaar die testament.
Die Meester verwerp die testament weens 'n formele gebrek.
Die voorgestelde Ombud van die Meester besluit oor die kondonering van die formele gebrek.
Aansoek om kondonering van die formele gebrek word ingedien by die Meester en deur die Meester op papier oorweeg.
Die Meester kondoneer die formele gebrek en aanvaar die dokument as testament vir doeleindes van die *Boedelwet*.
Die Meester besluit om nie die formele gebrek te kondoneer nie.
Beswaar word aangeteken by die gespesialiseerde raad.
Die beswaar word toegestaan deur die gespesialiseerde raad en die dokument word as testament vir doeleindes van die *Boedelwet* aanvaar.
Die gespesialiseerde raad besluit om nie die formele gebrek te gekondoneer nie.
Appèl word aangeteken by die Hoë Hof.

## *4.6 Hoofstuksamevatting*

Die instel van 'n meer effektiewe en praktiese proses om gebrekkige dokumente te kondoneer kan daartoe lei dat die beredderingsproses spoediger afgehandel word. Die probleem met betrekking tot die vraag of die Meester se bevoegdhede uitgebrei kan word om ook voorsiening te maak vir die kondonasiebevoegdheid, kan eenvoudig opgelos word deur te kyk na die manier waarop ander soortgelyke probleme in die Suid-Afrikaanse regstelsel opgelos word. Deur die instel van addisionele dienspunte, soos gemagtig in terme van artikel 2A van die *Boedelwet*, kan die swaarder werkslas wat met die addisionele bevoegdheid gepaard gaan, effektief hanteer en versprei word.

Indien duidelike riglyne neergelê word oor presies hoe die kondonasiebevoegdheid deur die Meester uitgevoer sal word, kan 'n goeie effektiewe proses in plek gestel word. Indien 'n gespesialiseerde raad, soos 'n belastingraad in terme van artikel 118 van die *Wet op Belastingadministrasie*, saamgestel word om verdere funksies te verrig, soos om die beswaar wat teen die Meester se besluit geneem word, te hanteer, al terselfdertyd verseker word dat die beginsels van die reg en doel waarvoor wetgewing geskep is, volgehou word. Verder sal regverdigheid en onafhanklikheid in hierdie verband verseker kan word deur die instel van 'n Ombud vir die Meester. Deur gebruik te maak van 'n toetssaak sal verseker word dat spoedige prosesse vir die kondonasie van gebrekkige testamente in die Meesterskantoor beskikbaar is en dat hierdie prosesse steeds in lyn met die wetgewende vereistes is. Toetssake hou die funksie wat die Meester sal uitvoer, naamlik die voorgestelde funksie om gebrekkige dokumente as testamente te kondoneer, steeds verantwoordbaar aan die howe.

Al hierdie argumente dra positief by tot die motivering van waarom die kondonasiebevoegdheid eerder deur die Meester uitgevoer kan word.

## 5 Gevolgtrekking

Die Meester speel 'n belangrike en sentrale rol in die bereddering van bestorwe boedels. Soos bevestig in afdeling 2.1, stel die Minister 'n Hoofmeester aan en ook 'n Meester vir elke regsgebied van Suid-Afrika. Hierdie aanstelling maak ook voorsiening vir Adjunk- en Assistentmeesters. Alhoewel daar voorsiening gemaak word vir die aanstelling vir meer as een persoon, wat die amp van Meester beklee, voer alle persone hul take onder die beheer, leiding en toesig van die Hoofmeester uit.[276] Die verwysing na die woord "Meester" sluit dus al hierdie persone in.

Die Meester se funksies, wat hoofsaaklik administratief van aard is,[277] word in wetgewing geformuleer, soos die *Boedelwet,* die *Wet op Beheer oor Trustgoed*, die *Boedelbelastingwet* ens. Sommige van die funksies wat die Meester uitvoer, kan hy wel op sy eie diskresie uitvoer, maar sy diskresionêre besluite sal altyd aan wetgewende vereistes gebonde bly. Daarom bevestig die voorskrifte, soos uitgereik deur die Hoofmeester, dat die Meester altyd in ooreenstemming met die reg moet optree.[278] Dit sluit besluite in soos dié wat die Meester in die *Kamuhanga*-saak gemaak het.[279]

Wanneer daar in spesifiek die testate erfreg na die beredderingsproses verwys word, sluit dit die prosedurele aspekte met betrekking tot 'n testament in. Wanneer 'n persoon sterf, word die testament aan die Meester voorgelê en die Meester moet bepaal of die testament formeel geldig is. Formele geldigheid van 'n testament word gemeet aan die vereistes soos gestel in artikel 2(1)(a) van die *Wet op Testamente* en, waar wysigings betrokke is, artikel 2(1)(b) van die *Wet op Testamente*.[280] Indien die Meester bepaal dat daar 'n formele gebrek blyk te wees, sal die Meester die testament verwerp. As gevolg van die probleme in hierdie verband, soos die beperking op 'n testateur se wense, het artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* verligting gebring.

---

276 Artikel 3(3) van die *Boedelwet*. Sien die bespreking by afdeling 2.1.
277 Soos bevestig deur Abrie ea *Bestorwe Boedels* 85, 87.
278 Sien die bespreking by afdeling 2.2.
279 Sien die bespreking by afdeling 2.2.
280 Sien die bespreking in afdelings 3.1 en 3.2 onderskeidelik.

Artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* verleen 'n kondonasiebevoegdheid aan die hof om 'n gebrekkige dokument, wat bedoel is om as testament te dien, as geldige testament vir doeleindes van die *Boedelwet* te aanvaar.[281] Dit beteken dat die boedel sou kon vererf asof daar nie 'n formele gebrek by die testament bestaan nie. Daar word ook streng vereistes hiervoor gestel in artikel 2(3) van die *Wet op Testamente*.[282] Hierdie proses, waar slegs die howe oor 'n kondonasiebevoegdheid beskik, kan duur en tydsaam wees. Daarom is daar ondersoek ingestel na die vraag oor tot watter mate die funksies van die Meester van die Hoë Hof uitgebrei kan word om ook die kondonering van gebrekkige testamente in terme van artikel 2(3) van die *Wet op Testamente* in te sluit.

Hierdie vraag is beantwoord deur opnuut na die bepalings in sekere wetgewing te kyk en deur die betekenis van daardie bepalings te herformuleer sodat dit gepas kan wees om voorsiening te maak vir 'n kondonasiebevoegdheid deur die Meester. 'n Belangrike aspek in die beantwoording van hierdie vraag, was om te kyk na hoe artikel 2A van die *Boedelwet* aangewend kan word om die verswaarde werkslas in die Meesterskantoor te hanteer. Daar is voorgestel dat hierdie artikel benut kan word om addisionele poste en ook addisionele dienspunte binne die bestaande Meesterskantoor te skep wat die verswaarde werkslas kan hanteer.

Om die proses vas te stel waarvolgens die Meester se kantoor die kondonasiebevoegdheid sal uitvoer, is daar vergelykings getref tussen die *Wet op Belastingadministrasie* en die soortgelyke wyse waarop die Meester se kantoor die kondonasiebevoegdheid kan uitvoer. Dit behels 'n hiërargiese proses wat gevolg moet word, soortgelyk aan die geskilbeslegtingsprosedures in hoofstuk 9 van die *Wet op Belastingadministrasie*. Hierdie proses sluit in dat die Meester die kondonasie-aansoek hoofsaaklik op papier sal oorweeg. Daarna het partye die opsie om beswaar teen die Meester se besluit aan te teken na 'n gespesialiseerde raad. Hierdie gespesialiseerde raad kan saamgestel word deur artikel 2A te benut. Die aanhoor van die saak deur die gespesialiseerde raad sal 'n proses behels wat voorsiening maak vir die aanhoor van mondelinge getuies. Sou partye dit eerder verkies om 'n alternatiewe proses buite die

281 Sien die bespreking by afdeling 3.3.
282 Sien die bespreking by afdeling 3.3.

formele litigasieprosedures te volg, kan die voorgestelde Ombud vir die Meester in hierdie verband benut word.

Die vraag of die Meester nie eerder die kondonasiebevoegdheid kan uitvoer nie, is verder gemotiveer deur voorsiening te maak vir toetssake. Soortgelyk aan die *Wet op Belastingadministrasie* kan die gespesialiseerde raad ook 'n saak as toetssaak na die hof verwys.[283]

Die voorskrifte, soos uitgereik deur die Hoofmeester, sal 'n belangrike rol speel om nie net die eenvormige werking van die kondonasiebevoegdheid deur die Meester te verseker nie, maar ook om enige toekomstige probleme wat mag voorkom aan te spreek. Hierdie voorskrifte sal ook benut kan word om duidelike riglyne neer te lê vir gevalle waar die uitkoms van 'n toetssaak, wat na die hof verwys is, beskikbaar is.

Wanneer die Meester die kondonasiebevoegdheid uitoefen, moet daar inhoudelik altyd aan die riglyne, soos reeds deur die howe bevestig, gevolg gegee word. Dit sluit in die presedente soos geskep in die *MacDonald*-, *Van der Merwe*- en *Bekker*-sake.[284]

Na aanleiding van die bespreking hierbo is dit duidelik dat daar ruimte vir uitbreiding van die Meester se funksies bestaan om ook vir die uitoefening van die kondonasiebevoegdheid voorsiening te maak.

283 Die tipe sake en gevalle wat verwys kan word om as toetssake te dien, is bespreek in afdeling 4.6.
284 Sien die bespreking in afdeling 3.3.2.

**BIBLIOGRAFIE**

***Literatuur***

Abrie ea *Bestorwe Boedels*

Abrie W ea *Bestorwe Boedels* 10de uitg (LexisNexis Durban 2015)

Chief Master *Chief Master's Directive* 3 van 2006

Chief Master *Chief Master's Directive* 3 van 2006: *Re: Appointment of Executors and/or Master's Representatives in Deceased Estates by the Master*

Chief Master *Chief Master's Directive* 2 van 2015

Chief Master *Chief Master's Directive* 2 van 2015: *Appointments in deceased estates*

Chief Master *Chief Master's Directive* 2 van 2017

Chief Master *Chief Master's Directive* 2 van 2017: Trust Matters

Coetzee ea *'n Studentebenadering tot Inkomstebelasting*

Coetzee K ea *'n Studentebenadering tot Inkomstebelasting* (LexisNexis Durban 2017)

Corbett, Hofmeyr en Kahn *The Law of Succession in South Africa*

Corbett MM, Hofmeyr G en Kahn E *The Law of Succession in South Africa* 2de uitg (Juta Kaapstad 2001)

De Lange 1992 *Consultus*

De Lange JA "Oorsig oor nuwe wetgewing" 1992 *Consultus* 154-156

De Waal en Schoeman-Malan *Law of Succession*

De Waal MJ en Schoeman-Malan MC *Law of Succession* 4de uitg (Juta Kaapstad 2008)

Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 1991

Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling *Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie (Projek 22) Verslag oor hersiening van die erfreg: Testamentsformaliteite* 1991

Du Toit 1996 *THRHR*

Du Toit F "Artikel 2(3) van die Wet op Testamente en substansiële nakoming van die formaliteite: vier uitsprake in perspektief" 1996 *THRHR* 472-478

Gildenhuys 2020 *Litnet*

Gildenhuys A "Vonnisbespreking: Artikels 2(3) en 2A van die Wet op Testamente 7 van 1953 deel weer die kollig. *Kameel v Master of The High Court Bloemfontein* (A230/2018)[2019] ZAFSHC 129 2020 *Litnet* 511-526

Jamneck 1994 *THRHR*

Jamneck J "Die invloed van artikel 2(3) van die Wet op Testamente op die erkende beginsels van rektifikasie en interpretasie van testamente" 1994 *THRHR* 596-610

Jamneck 2008 *PER*

Jamneck J "Artikel 2(3) van die Wet op Testamente: 'n Praktiese probleem by litigasie" 2008 *PER* 90-104

Jamneck ea *Erfreg*

Jamneck J ea *Erfreg* 2de uitg (Oxford University Press Kaapstad 2012)

Keulder 2013 *PER*

Keulder C "Pay now, argue later – before and after the Tax Administration act" 2013 *PER* 125-158

Knoetze 2000 *TSAR*

Knoetze E "Kondonering van 'n gebrekkige sertifikaat ingevolge artikel 2(1)(a)(v) van die Wet op testamente" 2000 *TSAR* 383-393

Meintjes-Van der Walt 2003 *Journal of African Law*

Meintjes-Van der Walt L "The proof of the pudding: The interpretation of expert evidence in South Africa" 2003 *Journal of African Law* 88-106

Mthimunye *Analysis of the South African Tax Ombud*

Mthimunye S *Analysis of the South African Tax Ombud* (MCom-skripsie Universiteit van Pretoria 2013)

Olivier en Van den Berg *Praktiese Boedelbeplanning*

Olivier PA en Van den Berg GPJ *Praktiese Boedelbeplanning* (Juta Kaapstad 1991)

Papadopoulus 2012 *SA Merc LJ*

Papadopoulus S "Electronic wills with an aura of authenticity: Van der Merwe v The Master of the High Court and another" 2012 *SA Merc LJ* 93-106

Schoeman-Malan ea "Section 2(3) of the Wills Act 7 of 1953: a retrospective and critical appraisal of some unresolved issues"

Schoeman-Malan L ea "Section 2(3) of the Wills Act 7 of 1953: a retrospective and critical appraisal of some unresolved issues" in Price A en Bishop M (reds) *A Transformative Justice* (Juta Kaapstad 2014) 78-103

Stigling ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting*

Stigling M ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting* vol 2 (LexisNexis Durban 2017)

Wiechers en Vorster *Boedelbereddering*

Wiechers NJ en Vorster I *Boedelbereddering* 3de uitg (Butterworths Durban 1999)

***Regspraak***

*Anderson and Wagner v The Master* 1995 1 SA 199 (N)

*Back v The Master* 1996 2 All SA 161 (K)

*Bekker v Naude* 2003 5 SA 173 (HHA)

*Ex parte Porter* 2010 5 SA 546 (WKK)

*Ex parte Sookoo: In re Estate Dularie* 1960 4 SA 249 (D)

*Gaya v Rittmann* 2017 1 NR 80 (K)

*Grobler v The Master of the High Court* 2019 ZASCA 119

*Horn v Horn* 1995 1 SA 48 (W)

*Jeffrey v The Master* 1990 4 SA 759 (N)

*Kamuhanga v Master of the High Court* 2016 1 NR 141 (SC)

*Kidwell v The Master* 1983 1 SA 509 (OK)

*Levinson v The Master of the High Court* 2018 ZAGP JHC 503

*Lewit v Fround* 2012 JDR 1929 (GNP)

*Liebenberg v The Master* 1992 1 SA 57 (D)

*MacDonald v The Master* 2002 5 SA 64 (O)

*Radley v Stopforth* 1997 2 SA 516 (A)

*Tshabalala v Tshabalala* 1980 1 SA 134 (O)

*Van der Merwe v The Master* 2010 6 SA 544 (HHA)

*Van Wetten v Bosch* 2004 1 SA 348 (HHA)

*Webster v The Master* 1996 1 SA 34 (D)

*Z v Commissioner for the South African Revenue Service* (IT4412)[2019] ZATC 13 (26 Augustus 2019)

***Wetgewing***

*Boedelwet* 66 van 1965

*Boedelbelastingwet* 45 van 1955

*Judicial Matters Amendment Act* 22 van 2005

*Wet op Beheer oor Trustgoed* 57 van 1988

*Wet op Belastingadministrasie* 28 van 2011

*Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987

*Wet op Testamente* 7 van 1953

*Wet tot Wysiging van Erfreg* 43 van 1992

***Internetbronne***

Cliffe Dekker Hofmeyr 2011 https://www.golegal.co.za/requirements-valid-will-south-africa/

Cliffe Dekker Hofmeyr 2011 *Requirements for a valid will in South Africa* https://www.golegal.co.za/requirements-valid-will-south-africa/ besoek 8 September 2020

Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2020 http://www.justice.gov.za/docs/articles/201109-moh-icms.html

Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2020 http://www.justice.gov.za/docs/articles/201109-moh-icms.html besoek 11 Februarie 2020

Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2020 http://www.justice.gov.za/master/index.html.

Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2020 *The office of the Master of the High Court* http://www.justice.gov.za/master /index.html. besoek 3 Maart 2020

Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2020 http://www.justice.gov.ac/master/contacts.htm

Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling 2020 *Contact details for the Master offices* http://www.justice.gov.ac/master/contacts.htm besoek 24 April 2020

Outeur onbekend 2020 https://www.lawforall.co.za/consumer-rights/ombudsman-schemes-in-south-africa/

Outeur onbekend 2020 *A basic guide to Ombudsman Schemes in South Africa* https://www.lawforall.co.za/consumer-rights/ombudsman-schemes-in-south-africa/ besoek 28 September 2020

Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling *Office of the Master of the High Court*

Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling *Office of the Master of the High Court* 2016 beskikbaar by https://www.google.com/url?sa=t&rct=j&q=&esrc=s&source=web&cd=&ved=2ahUKEwiX5uqRv4nsAhURT8AKHYJZCj8QFjABegQIBBAD&url=https%3A%2F%2Fpdf4pro.com%2Fcdn%2Ftable-of-contents-justice-home-4d5a21.pdf&usg=AOvVaw1vOhZG3KcmwtJEFYOOhMWs besoek 25 September 2020

Govind Y *The test case mechanism: A potential weapon to ward off multiple attacks from SARS?*

Govind Y *The test case mechanism: A potential weapon to ward off multiple attacks from SARS?* 2016 beskikbaar by https://www.cliffedekkerhofmeyr.com/en/news/publications/2016/tax/tax-alert-22-april-the-test-case-mechanism-a-potential-weapon-to-ward-off-multiple-attacks-from-sars.html besoek 6 Julie 2020

Price Waterhouse Cooper 2012 https://www.google.com/url?sa=t&rct=j&q=&esrc=s&source=web&cd=&cad=rja&uact=8&ved=2ahUKEwicsJXl1onsAhVbUhUIHbf3AkgQFjAKegQICBAB&url=https%3A%2F%2Fwww.pwc.co.za%2Fen%2Fassets%2Fpdf%2Ftax-law-review-nov-2012.pdf&usg=AOvVaw2nEei6SltH7XAiHAy8PD9Q

Price Waterhouse Cooper 2012 *Tax Law Review: Tax administration act 28 of 2011* https://www.google.com/url?sa=t&rct=j&q=&esrc=s&source=web&cd=&cad=rja&uact=8&ved=2ahUKEwicsJXl1onsAhVbUhUIHbf3AkgQFjAKegQICBAB&url=https%3A%2F%2Fwww.pwc.co.za%2Fen%2Fassets%2Fpdf%2Ftax-law-review-nov-2012.pdf&usg=AOvVaw2nEei6SltH7XAiHAy8PD9Q besoek 25 September 2020

Raviv 2016 https://www.golegal.co.za/draft-valid-will-10-steps/

Raviv D 2016 *Requirements for drafting a valid will in South Africa* https://www.golegal.co.za/draft-valid-will-10-steps/ besoek 8 September 2020